

Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL JAARGANG 9, NO 1, 1ste kwartaal 2003

REDAKSIONEEL

'N TYD VIR ORDE

'Want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges'. Hierdie woorde uit Paulus se eerste brief aan die Korintiërs (14:33) is die ruggraat vir ons kerklike samelewing. Sonder goeie orde kan die kerk nie kerk wees nie. Sonder orde ontstaan daar onrus, verwarring, oproer, onderlinge tweespalt, skeuringe, oorlog. Nie net in die plaaslike kerk nie, ook in die kerkverband. Trouens, hierdie Skrifwoord geld elke samelewingsverband. In die huwelik, die gesin, die familie, die skool, die werk, die staat – oral moet daar goeie orde wees.

Die wonder van orde

Orde is Godgegewe. God skep orde. Dit is duidelik van die begin af. Genesis een en twee vertel die geskiedenis van die skepping van hemel en aarde. Oor en oor val die klem op die orde waarin en waarmee God skep. Elke skepsel het sy eie vorm, sy eie eienskappe, sy eie roeping, sy eie plek. Vaste grense en tye word van meet af aan vir alles en almal neergelê. Dag en nag word van mekaar onderskei. So ook waters bo en waters onder, droë grond en see. Diere word in soorte geskep. Plante eweneens. Die mens word as kroon van die skepping geformeer.

God se orde in die skepping is teken van sy liefdevolle besig wees met dit wat Hy gemaak het. In sy alwysheid en almag skep Hy verhoudings tussen skepsele. In soverre die Godgegewe grense en tye en verhoudings eerbiedig word, heers daar orde. Dan is daar vrede, harmonie, geluk. Indien die Godgegewe reëls vir orde verontagsaam word, as die skepsel buite sy gegewe ruimte en roeping optree, ontstaan daar onteenseglik wanorde. Wanorde lei tot oorlog en dood.

Gebind aan orde

Alle skepsele is gebind aan die orde wat God neergelê het. Die mens by uitstek. Die mens as

kroon van die skepping kry uitdruklik opdrag om te heers oor alles wat geskape is. Hy moet bewoon, bewerk en bewaak. Nie volgens eie reëls en na eie goeddunke nie, maar ooreenkomstig God se wil.

Die sondeval is niks anders as 'n omverwerp van die Godgegewe orde nie. Die skrikwekkende gevolge kon nie uitbly nie. Onmiddellik bars chaotiese vyandskap los. Man teen man. Man teen God. Skepsel teen die kroon van die skepping. Die kroon van die skepping teen die skepsele.

Maar – net so plotseling en ingrypend soos wat die chaos vir die in-sonde-gevalle-mens losbreek, net so kragtig bewerk God herstel. Die belofte is daar: die saad van die vrou sal die kop van die slang vermorsel. Daar word opnuut orde op sake gestel. Die herskape mens word verlos om die Godgegewe orde van nuuts af te respekteer en te beleef.

Orde in die kerkverband

Die kerk is die vergadering van verlore kinders van God. Hier moet herskape mense saamstaan om God se orde in alle opsigte te eerbiedig. Vandaar die vermaning van Paulus aan die Korintiërs: In alle gemeentes van die heiliges moet daar goeie orde wees. Tussen die gemeentes van die heiliges eweneens.

Ordelijke saamleef van gemeentes in een kerkverband word onder andere sigbaar in klassisse en sinodes wat vergader. Die strewe van alle meerdere vergaderinge moet wees om volgens die orde van God – die Skrif – te handel. Plaaslike kerke moet uit hulle pad gaan om dit wat ordelik besluit is, na te kom. Dit raak chaoties in 'n kerkverband as elkeen maar net doen wat goed is in sy eie oë. God word onteer. God, wat geen God van wanorde is nie.

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

- 1 Redaksioneel 'n Tyd vir orde
- 2 Skrifoordeening Absolute gehoorsaamheid gevra Ds SJMS Smit
- 5 Aktueel God, waarom lyk die wêreld so? Ds GJ Meijer
- 7 Fokus Sambreel of banier? Ds ALA Buys
- 9 Op die kerkerf Die sinode het besluit ... wat nou? Ds GJ Meijer
- 11 Reg of verkeerd Dr AH van den Bout
- 16 Staar daar geskrywe? Ds JR Visser
- 19 Mediese etiek Die agste gebod en geneeskunde Prof JM Boon
- 20 Persskou
 - Fundamentalisme
 - Wat is Gereformeerde?
 - 'n Ope brief aan God
 - Sinodes kan nie kriteria ignoreer

VERENIGING VIR
GEREFORMEERDE
LEWENSWANDEL

Voorsitter:
Dr AH van den Bout
Tel 012 332 2988
e-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit

Eindredaksie:
Ds GJ Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel 012 546 4915
e-pos:
gjmeijer@freemail.absa.co.za

Medewerkers:
Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr AH van den Bout

Administrasie-adres:
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel 012 335 9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnr:
Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley

Intekengeld:
R100 per jaar

Tegniese versorging:
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
e-pos: printbur@mweb.co.za

Artikel 31 Kerkorde

In Artikel 31 van die Gereformeerde Kerkorde word die toepassing van goeie orde pragtig omskryf: 'Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde'. 'n Besluit wat met meerderheid van stemme geneem word – so mag aanvaar word – is 'n ordelike besluit. So 'n besluit sal deur al die kerke in die kerkverband vir vas en bindend gehou word. Kerke belowe in Artikel 31 aan mekaar om besluite van meerdere vergaderinge indringend te bestudeer en hulle eie te maak. Besluite kan nie sommerso vir kennisgewing aangeneem word en dan nie uitgevoer word nie.

Kerke belowe ook om, as hulle tot die oordeel kom dat 'n bepaalde besluit met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde in stryd is, die bewyse daarvan aan die kerkverband deur te gee. Susterskerke in die kerkverband moet op hoogte gebring word indien 'n kerk tot die slotsom kom dat 'n besluit ongeldig, in stryd met Gods Woord, is.

'n Tyd van orde

Nasionale Sinode 2003 is verby. Talle besluite is geneem in die lig van Gods Woord. Oor baie besluite word daar van harte gejubel. Oor ander nie. Inteendeel. Kerkrade het dus baie werk om te doen. Daar moet noukeurig ondersoek gedoen word. Besluite kan nie klakkeloos toegepas word bloot 'omdat die sinode so sê' nie. Die kerkraad is geroep om te regeer. Nie die sinode nie.

Die ondersoek van kerkrade moet met die grootste omsigtigheid plaasvind. Ten alle tye moet die orde, soos beskryf in Artikel 31,

gehandhaaf word. Emosionele uitlatings bring 'n mens nie positief verder nie. Verdagmakers van watter aard ook al breek orde af. Die offisiële besluite van die sinode, soos in die handeling van die sinode weergegee, moet rustig onder oë geneem word. Daar is tyd nodig om te besin. 'n Tyd van orde.

Ordelose haas

Dit is bedroewend om te verneem dat daar intussen reeds oorhaastig op sinodebesluite gereageer word. Enersyds is daar met groot akklamasie begin om sinodebesluite uit te voer – veral die besluite insake toelating van die vrou tot die diakenamp en die sing van die Cloete-omdigting van die Psalms. Andersyds is daar kerke wat hulleself van sekere sinodebesluite distansieer. Daar word selfs gepraat van doleansie. Kerke treur openlik oor besluite wat volgens hulle nie met Gods Woord ooreenstem nie.

Oproep

Na alle kante moet daar teen onordelike optrede gewaak word. Sonder ontvangs van offisiële acta kan kerkrade baie moeilik tot ordelike besluitneming kom. Sonder deeglike bestudering van daardie acta ewemin.

As daar ooit 'n tyd in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was wat kerke mekaar op die basis van 1 Korintiërs 14:33 moet vashou, is dit seker nou. Oorhaastige optrede strek nie tot eer van God nie. En beslis ook nie tot voordeel van die kerke en die kerkverband nie.

Die bede word uitgespreek dat alles wat gedoen word daadwerklik tot stigting van die gemeente van heiliges sal wees.

SKRIFOORDENKING

Absolute gehoorsaamheid gevra

Ds SJMS Smit, Oos-Moot

Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp - 1 Samuel 15:22 en 23.

Daar rus 'n gehoorsaamheidsplig op die gesalfde van die Here! Die Here salf Saul as koning en die Here verwag van Saul om gehoorsaam te luister na die stem van sy woorde en ag te gee op sy bevele. Ons sien

dit in die woorde van Samuel: 'Die Here het my gestuur om jou as koning te salf oor sy volk, oor Israel; luister dan nou na die stem van die woorde van die HERE'.

In lyn met HK Sondag 12 is ons dit sekerlik eens dat, as die gehoorsaamheidsplig op die gesalfde koning Saul gerus het, dit des te meer ook op ons - die gelowiges, kerk van Jesus Christus, Christene - rus. Op óns rus die gehoorsaamheidsplig wat op Hom as Messias rus en gerus het, omdat ons deel het aan sy salwing tot Koning, en moet luister na die profetiese stem van sy Woord!

Die nasionale sinode van die GKSA is so pas in Januarie verby. En ons vra die vraag: Hoe lyk ons gehoorsaamheid, ons gehoorsame luister na die stem van die woorde van die HERE? Volgens die media is daar opspraakwekkende besluite geneem. Ons wag in spanning vir die amptelike dokumente voordat ons as kerkrade daarmee kan handel. Tog moet ons (nou al) toegee dat daar ook tydens hierdie sinode 'n paar 'gedenktekens' opgerig is. 'Bakens' wat in die anale van die kerkgeskiedenis opgeteken sal wees òf as monumentale gedenkstene òf as grafstene vir een of ander iets.

By sommige lidmate is daar in 'n mate verwarring oor die wipplankryery van sinodebesluite. Die vraag word gevra hoe 'n saak op die een sinode (nog) so duidelik kan wees, en (net) by die volgende sinode word die teendeel toegelaat? Hoe kan ons besluite neem as ons in die media bely dat 'n saak 'duidelik onduidelik' is?

Verdere vrae wat by ons leef is: Het die mense van wie ek verskil nie ook deeglike Skrifstudie gedoen en nie ook die leiding van die Gees afgebid nie? Hoe gebeur dit dan dat ons terugkom van die sinode met 'n duidelike verdeeldheid oor verskeie standpunte, en albei die 'groepe' beroep hulle daarop dat hulle die Woord van die Here uitgevoer het?

Die vraag is: Het hulle, eerder, het ons die Woord van die HERE uitgevoer?

Opdrag uitgevoer?

Of dit nou uit skuldgevoel of selfvoldaanheid is, is moeilik om te sê, maar as Samuel by Saul kom, sê Saul: 'Ek het die woord van die Here uitgevoer'!

Die woordjie 'uitgevoer' is dieselfde woord wat gebruik word as ons sê ons 'rig 'n gedenkteken op'. Oprig. Uitvoer. Dit wat die Here in gedagte gehad en beveel het, het Saul 'tot stand gebring' - so meen hy. Dit laat gebeur. Uitgevoer. Ek het die woord van die Here uitgevoer!

Maar hét hy? Agter hom blêr die kleinvee en bulk die beeste, die bangoed in sy midde. Hulle blêr sy ongehoorsaamheid uit, hulle blêr juis die teendeel uit!

Wie het nou gelyk: Samuel, wat hier konfronterend voor Saul staan? Of Saul, wat daarop roem dat hy die woord van die Here uitgevoer het?

Dit lyk vir ons wat nou met die volle openbaring meer inligting tot ons beskikking het, maklik en eenvoudig om raak te sien dat Samuel gelyk het. Immers, die Here sê self: 'Saul het nie My woorde uitgevoer nie'.

Wat ons saam met Samuel dus van Saul wil weet, is: Hoe het dit gekom dat hy nie die woord van die Here uitgevoer het nie? Hoe het hy gekom by dié punt om te doen wat hy gedoen het, en valslik wêl onder die indruk te verkeer dat

hy die woord van die Here uitgevoer het?

Weet u hoe?

Ná woordstudie!

Ons sien hierdie vernuftige woordstudie van Saul as ons verse 2 en 3 (die HERE se opdrag) en verse 20 en 21 (Saul se rapport) met mekaar vergelyk!

Saul redeneer:

1. Die Here het gesê hy moet gaan en die Amelakiete uitroei ... en hy het op die pad gegaan wat die Here hom gestuur het. Hy het nog daarby besondere liefde teenoor die Keniete langs die pad bewys. Uitgevoer!
2. Maar in die woord van die Here was duidelike onduidelikheid oor Agag, die koning van Amelek ... toe hou hy hom in die lewe. Uitgevoer!
3. Hy het egter al die Amelakiete volgens die woord van die Here doodgemaak ... en die Here sê niks oor die koning nie. Uitgevoer!
4. Met hierdie manier van 'woordhantering' sien Saul dan raak dat die Here gesê het hý (manlik enkelvoud) moet al die vee met die banvloek tref... maar die Here het niks gesê dat die manne nie vee as buit mag neem nie. Uitgevoer!
5. Boonop wil hy ook nog vir die Here 'n offer bring om Hom mee te dien. En wat is nou verkeerd met 'n offer? Hy beveel mos die offers, nie waar nie?

En siedaar: 'Ek het die woord van die HERE uitgevoer'! 'n Monumentale werk tot stand gebring. Saul sal nou in die geskiedenis van die volk bekend staan as die man wat die oordeel van die HERE oor Amalek voltrek het, sonder dat iemand sy hande moes ophou in die geveg. Dit is 'n offer werd!

Die woordstudie ontleed

Maar hoe verrassend is die antwoord van die Here nou! Hy wys Saul op die eerste en die tweede gebod. Saul het wederstrewig en eiesinnig omgegaan met die Woord van die HERE. Die wortel van Saul se ongehoorsaamheid is oortreding van die eerste en die tweede gebod. Saul het 'n ander god waar hy eerder na luister en wat hy buiten die Here dien. Dié ander god is die 'EK', die 'mens', en sý eie wil. Die gedenkteken verraai dit, nie waar nie?

Saul het met 'n verskuilde agenda die opdrag van die HERE uitgevoer om sy 'ander gode' te dien. Die eerste gebod oortree! En daarby het hy die Here op 'n manier probeer dien en eer wat die Here nie in sy Woord beveel het nie. Tweede gebod!

Die kruks van die tweede gebod is: Ons mag die Here op geen ander manier vereer as wat Hy ons in sy woord beveel nie. In die 16de eeu was die werklike beelddiens in die spervuur – maar agter dit was 'n eiesinnige Skrifbeskouing en Skrifhantering. Gelykstelling van die Woord van God aan menslike geskrifte. In ons tyd is fisiese beelde nie so sterk voorop nie, maar eerder die 'ander maniere as wat die Here beveel'.

'Ons mag God op geen ander manier vereer as wat Hy ons in sy Woord beveel nie' (HK Sondag 35). Hierdie belydenis vestig ons aandag op die volkomenheid van die Skrif. Al bedoel ons dit ook hoe goed! Al het watter studiedeputate watter bevinding ook al gemaak. As die Here iets nie sê, nie beveel nie, dan doen ons dit nie! Dan rig ons nie ons erediens so in soos ons goed dink nie.

Lyn getrek

As ons by 'n 'redelik onduidelike' of 'duidelik onduidelike' saak geen uitspraak in die Woord het nie, dan kan ons nie maar elke ding aan die vryheid van die kerkrade oorlaat nie. Waar eindig die lys? Nee: dan doen ons dit nie! Sou ons só 'n saak dan wel aan die vryheid van die kerke oorlaat, dan is dit eiewilligheid, eiesinnigheid. Dit is afgodediens en beelddiens. Tweede gebod!

As Saul 'die woord van die Here' met Skrif (Eksodus 17) vergelyk het, dan sou hy presies geweet het wat die Here van hom verwag. Ook met betrekking tot Agag. Die hele wyse waarop God deur ons gedien wil word, word in die Woord breedvoerig beskryf. Tweede gebod!

Hierdie leer van die volkomenheid van die Skrif, wat ons in die tweede gebod vasgemaak vind, is nie net 'n Ou Testamentiese begrip nie. Ons vind dit ook in die Nuwe Testamentiese opdrag van Christus pas voor sy hemelvaart: '...en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het (Matteus 28:19)'. Tweede gebod!

As Christus dit nie beveel nie dan doen ons dit nie! As ons duidelike onduidelikheid oor die vrou in die besondere ampte het, dan doen ons dit nie; omdat ons nie 'n bevel van Christus het om dit wél te doen nie. Inteendeel: Hy sê: 'n diaken is 'n man (van een vrou). Hy sê: Neem die beker. Hy sê: ons mag geen ander gode voor sy aangesig hê nie; en ons mag Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy woord ons beveel nie!

Alleen die Woord. En die Woord is volkome genoegsaam.

Sola et tota Scriptura

Hierdie was die belydenis van die Gereformeerde Kerke ten opsigte van Skrifbeskouing tot en met watter datum (16 Januarie 2003?) ons ook al die deur vir 'n ander manier van Skrifverklaring oopgemaak het.

As Christus in Johannes 17:4 voor sy Vader se troon kom staan, dan rapporteer Hy - so totaal anders as Saul: 'die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring'. En in vers 8: 'die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee'.

Of het Jesus Christus dalk iets vergeet om vir ons deur te gee? Soos die voorskrifte vir kersfees, en kelkies, en liedere, en vroue diakens en ... en ...?

Of het ons wederstrewig en eiesinnig begin raak?

Blêrende kleinvee

Wat ons wil weet is: Hoe het ons by die besluit(e) uitgekóm om te maak wat ons gemaak het? Hoe het die bevel van die Here, die woorde wat Christus vir ons gegee het, ons gelei tot hierdie besluite?

In die agtergrond hoor ons die geblêr van kleinvee en die gebulk van beeste in ons ore. Die geblêr en gebulk verrai ons wederstrewigheid en ons eiesinnigheid, nie waar nie? Wederstrewigheid is die sonde van waarsêery en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens!

Nou moet ons nie net die blaam op die sinode plaas nie. In ons heiligmaking moet ons onself ook elkeen persoonlik afvra: Hoe het dit gekóm dat ek, met die bevel van die HERE, met die genoegsaamheid en onder gesag van die Woord, daartoe gekóm het om te doen wat ek doen? En boonop te roem: 'ek het die bevel van die Here uitgevoer'!

Reformasie

In die reformasie wat in ons persoonlike lewens en in ons kerklike lewe moet plaasvind, moet ons gehoor gee aan Christus se bevel, aan sy wet, sy Woord.

En dan veral ook die eerste en tweede gebod!

Ons mag geen ander gode hê nie. Ons mag God op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel nie! Sola et tota Scriptura! Dit is nie iets nuuts nie. Dit is die taal van ons belydenis: HK Sondag 35, NGB Artikels 5 en 7. Hierdie belydenis moet uitgeleef en toegepas word. Dan word die tweede gebod uitgevoer soos dit God behaag.

'Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens'.



FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

DIE KERKORDE IN PRAKTYK – Dr Jan Visser

..... Die boek wil presies wees wat die titel aandui.

Daarom het dr Visser nie ingegaan op die Skriftuurlike fundering en die historiese agtergrond van elke artikel nie. Hy het probeer om die veld van die praktiese kerkregering so volledig moontlik te dek....

'n Werkboek vir predikante en ander ampsdraers, maar ook vir meelewende lidmate.
R125 + posgeld

CD: MARTIN MANS / Groeten uit Holland

met onder meer:

Voortrekkersimfonie, Sarie Marais, Toccata Widor, Slag by Waterloo en ander improvisasies.

R95 + Posgeld. (CD katalogus op aanvraag beskikbaar)

God, waarom lyk die wêreld so?*

prof Adrio König oor die voorsienigheid van God

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

'Dit was moeilik! Ek het nog nooit in my lewe so moeilik aan 'n boek geskryf nie. Ook nog nooit so lank nie. Die papier van die aantekeninge waarmee ek begin het, is al geel.

1993. Wat 'n debat! Toe die grootkanonne opgeroep is om windbuksies van die aarde af te vee. Oor die beheer van God.'

So begin prof Adrio König sy boek getiteld 'God, waarom lyk die wêreld so?'. En dwarsdeur die boek sit hy sy worsteling met die vraag 'Kan ons sê: God is in beheer?' voort.

Dit is nie om dowe neute dat König 'n boek oor hierdie saak skryf nie. Soos hy self sê: 'Ek kon die onderwerp nie los nie. Of miskien het die onderwerp my nie gelos nie. In talle gesprekke het dit na vore gekom... Hoe deeglik het ek nie bewus geword dat daar omtrent geen frase is wat meer dikwels in ons godsdienstige taal voorkom nie, as: God is in beheer. Maar terselfdertyd het ek besef hoe min mense rekenskap kan gee oor wat hulle eintlik daarmee bedoel.'

Hierin moet König gelyk gegee word. Mense wat seerkry word maklik vertrous met geykte uitdrukkings soos 'dit was so bestem', of 'God maak nooit 'n fout nie', of 'alles het 'n goeie doel', of 'eendag sal ons alles verstaan'. Bring hierdie en dergelike mooi woorde werklik troos vir 'n vrou met drie jong kinders wat as weduwee moet verder gaan nadat haar man in 'n vliegongeluk verbrand het? Hou dit troos in vir 'n jong man van 25 jaar wat in 'n kapingspoging geskiet word en lewenslank kwadrupleeg sal wees?

König se indringende besigwees met God se beheer oor ons lewens, en spesifiek God se voorsienigheid, is van die uiterste belang – vir elke gelowige.

Raamwerk

Anders as talle studies wat oor God se voorsienigheid onderneem is, begin König sy boek by die probleem van die kwaad. Welbewus weerhou hy hom daarvan om 'n algemene 'voorsienigheidsmodel' op die tafel neer te sit en daarna te ondersoek hoe die kwaad daarby inpas. Vanuit die staanspoor probeer hy 'n antwoord kry op die vraag hoe God by die kwaad betrokke is.

As hy oor die kwaad skryf, probeer hy doelbewus om dit nie te versag met algemene terme soos sonde, lyding, swaarkry of smart nie. Die kwaad is spesifieke dinge soos die verskriklike volksmoord van die Jode gedurende die tweede wêreldoorlog.

In die boek word 'n '(beperkte) voorsienigheidsleer in terme van 'n eskatologiese verbondsteologie aangebied'.

Dit klink na 'n mond vol. Daarmee bedoel König dat die verbond God se einddoel (esgatos) met die skepping is, en in besonder met die mens, en dat Hy in die geskiedenis besig is om hierdie doel te bereik. Langs die weg van stryd teen die kwaad oorwin God die kwaad en bereik Hy wat Hy wil bereik.

Kwaad in 'n goeie skepping

König het by vier teoloë van weleer gaan ondersoek doen oor hoe daar in die verlede oor die probleem van die voorsienigheid van God en die kwaad gedink is.

- Augustinus (354-430) gaan uit van die standpunt dat alles wat God geskep het, goed is. Die goeie kan verkeerd gebruik, of van sy goedheid beroof word. Die mense is vir die kwaad verantwoordelik deurdadig sonde doen (morele kwaad), waarvoor God hulle dan straf (met natuurlike kwaad soos natuurrampe). God is dus nie verantwoordelik vir die kwaad nie, maar oefen wel heerskappy daaroor uit.
- Thomas Aquinas (1225-1274) beskou die kwaad as die ontbreking van die goeie. As 'n oog byvoorbeeld blind is, mis die oog een van sy goeie eienskappe. Aquinas was oortuig dat God nooit die kwaad direk wil nie. Hy wil net die goeie. Tog span God die kwaad in om die goeie te bereik.
- Johannes Calvyn (1509-1564) se voorsienigheidsleer is volgens König 'een groot apologie vir die albeskikking van God... Calvyn se standpunt was dat God alles tot in die fynste besonderhede vooraf bepaal het, en dat alles gebeur presies net soos Hy dit bepaal het... Calvyn verwerp selfs die begrip 'toelating' omdat hy huiwer om God direk by die sonde te betrek... God laat nie maar net die kwaad toe nie, Hy beskik dit vooraf tot in die fynste besonderhede'. Toeval en noodlot bestaan nie. Uiteraard is dit vir die mens moeilik om te verstaan hoe God se albeskikking werk, veral as dit by die verwerking van teenspoed kom. Calvyn onderskei daarom tussen God se geopenbaarde wil (die Bybel) en sy verborge wil (die daaglikse gebeure). God se geopenbaarde wil is duidelik. Sy verborge wil, waaronder die beskikking oor die kwaad in 'n mens se lewe, is egter deurgaans onduidelik. Daarin moet 'n mens gelowig berus.
- Jacob Arminius (1559-1609) – die vader van die remonstrantisme – 'aanvaar die absolute mag van God, maar hy aanvaar ook dat God uit vrye wil hierdie mag deur sy skepping beperk het... Dit beteken dat God die wêreld eerder volgens algemene beginsels regeer as dat elke klein dingetjie vooraf in fyn besonderhede

besluit en beplan is – soos Calvyn gemeen het... Alles wat gebeur, staan onder die voorsienigheid van God, só dat God die goeie bewerk (beskik), maar die slegte dade toelaat'.

Die vaders geweeg

König wy 'n groot deel van sy boek aan 'n (besonder kritiese) beoordeling van die standpunte van Calvyn en Arminius.

Hy verwerp die albeskikking-standpunt van Calvyn met vrae soos: Hoe kan God die sonde beskik en die mense dan nog daarvoor veroordeel? Hoe kan 'n liefdevolle Vader sinlose lyding beskik? Volgens König lewer Calvyn se algehele voorbeskikkingsleer ernstige probleme op oor byna elke aspek van ons geloof: die mens, die verbond, sonde en lyding, die geskiedenis, die toekoms, die duivel, en God self. Sy slotsom: 'Dit is net nie moontlik om Calvyn se vreemde leer oor God se voorsienigheid te onderskryf as 'n mens met 'n Bybelse teologie werk nie'.

Oor die toelating-standpunt van Arminius oordeel König ietwat milder. Hy meen dat die meeste gereformeerde teoloë en lidmate, selfs die gereformeerde belydenis (vergelyk veral Sondag 10 HK) 'n uitgesproke Arminiaanse inslag het. Mense is lief daarvoor om te praat oor die slegte wat deur God toegelaat word. Uiteindelik het God 'n goeie doel daarmee. Maar – oordeel König – 'n goeie doel kan tog nooit enige middel (bv. sinlose lyding) heilig nie.

Die vaders word geweeg – en te lig bevind.

Verdere denke is nodig

Teenoor Calvyn en Arminius, ook teenoor Augustinus en Aquinas, stel König sy 'eskatologiese, verbondsmatige voorsienigheidsleer'. Hierdie leer kan in enkele hoofpunte saamgevat word:

- God is in beheer. Goddelike beheer beteken nie dat God oor alles beskik nie (Calvyn) of in sy almag sekere dinge toelaat nie (Arminius). Goddelike beheer kom daarop neer dat God sinvolle lewe tans moontlik maak. Hy keer dat sake nie handuit ruk nie, en Hy sal in die toekoms sy doel bereik.
- Stryd en oorwinning. God is vanaf die skepping in 'n voortdurende stryd betrokke. Sy stryd is teen die chaosmagte (skeppingsverhaal – die aarde was woest en leeg), die bose geeste in die lug, en teen die gevalle mens. Die chaosmagte en die bose magte word deur God met oorweldigende mag teengestaan en verpletter. God se hewigste stryd is egter teen die gevalle mens. Die gevalle mens moet gewen word en nie uitgewis word nie. Daarvoor gebruik God oorredende mag: Hy beloof, nooi, pleit, waarsku, dreig. Terwyl God die stryd voer, ervaar Hy by herhaling mislukkings – soos die volk Israel wat hulle harte dikwels teen Hom verhard het. Die uiteinde is egter oorwinning: in en deur Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het.
- Almag en liefde. God beskik oor geweldige groot mag, maar Hy is nie almagtig in die filosofiese sin van die

woord (God kan enige oomblik enigiets doen wat Hy wil doen) nie. Hy kan byvoorbeeld nie sonde doen nie, Hy kan nie lieg nie, Hy kan nie verander nie. God gebruik sy geweldige groot mag om te doen wat Hy beloof het. Uit liefde wil Hy die gevalle mens red.

- Sinvolle en sinlose lyding. Die mensdom ly. Soms is lyding sinvol – dit bring 'n dwalende mens tot stilstand en inkeer. Ander kere is lyding sinloos, soos die uitmoor van Jode tydens die tweede wêreldoorlog, en die gebeure op 11 September 2001 te New York. In sinvolle lyding word die liefdevolle hand van God gevoel. Sinlose lyding kom van die duivel af. God beskik dit nie.

Uitroeptekens en vrae

Om in die bestek van 'n artikel soos hierdie in diepte op fyner besonderhede van prof. König se boek in te gaan, is onmoontlik. Trouens, selfs dit wat hierbo oor sy boek weergegee is, is uiters beknop. Ter afsluiting slegs enkele kritiese vrae en opmerkings.

Eers 'n duidelike uitroepteken! Die saak wat prof König aanspreek is van groot belang, soos in die inleiding gestel. Goedkoop troos vir mense in nood is slegter as geen troos. Om alles wat God doen te probeer verklaar – veral wat die sin van lyding betref – is uiters gevaarlik. En hoeveel keer word dit nie gedoen nie? Dink aan die vriende van Job. Let op hulle einde. Saam met prof König spreek ons die versugting uit: troos ons daadwerklik!

Máár: bied prof König se 'eskatologiese, verbondsmatige voorsienigheidsleer' werklik troos?

In antwoord hierop die volgende:

- Hy beroep hom daarop dat hy binne die kader van die verbond wil dink. Buiten vir enkele los gedagtes oor die verbond, mis 'n mens egter ten ene male die groot lyn van verbondsmatige denke. Die verband tussen verbondseën, verbondseis en verbondswraak kom nie voor nie. Dit is 'n deurslaggewende leemte. Lyding - tydelik sowel as ewig - kan nie buite die konteks van verbondswraak gepeil en omskryf word nie.
- Kritiek op Calvyn en ander kerkvaders loop noodwendig uit op kritiek teen die belydenis. Nie net die betrokke Sondae en Artikels insake die voorsienigheid kom aan die orde nie. Ook dit wat ons bely van God se almag en sorg. Om met die standpunt van 'n teoloog te verskil is een ding. Om van die kerklike belydenis af te wyk (wat König op heelparty plekke inderdaad doen) is iets anders. Prof JH van Wyk, wat in In die Skriflig van Desember 2002 met prof König in gesprek tree oor sy boek, maak tereg die opmerking: 'My konklusie is dat König so ver wegbeweeg van die klassieke gereformeerde benadering dat hy 'n kerklike oordeel oor sy standpunt sal moet aanvra'.
- Opmerkings oor God se mag, as sou God nie alles kan doen wat Hy wil doen nie, doen myns insiens afbreuk aan ons God en hemelse Vader. God kan immers alles doen wat Hy wil doen! Dit is ons enigste troos in lewe en in sterwe. Om God se mag as oorredend, uitnodigend, pleitend te omskryf hou nie water nie.

Sodoende word aan die mens meer toegedig as wat hom toekom.

- Die onderskeid tussen sinlose en sinvolle lyding is onbevredigend. Wie bepaal op grond waarvan wanneer lyding sinvol is, en wanneer dit sinloos is? En hoe word dit bewys dat 'sinvolle lyding' van God kom, terwyl 'sinlose lyding' van die duiwel afkomstig is?

Ware troos

Teenoor die 'eskatologiese, verbondsmatige voorsienigheidsleer' van prof König staan die ware troos van onder

andere vraag en antwoord 28 HK: 'Wat baat dit dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou? Dat ons in alle teespoed geduldig en in alle voorspoed dankbaar kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertrouwe in ons getroue God en Vader kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie, aangesien alle skepsels só in sy hand is dat hulle hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie'. Met hierdie belydenis kan ons mekaar onder alle omstandighede bemoedig. Ongetwyfeld.

* Hierdie artikel is ook in Kompas van Februarie 2003 gepubliseer.

FOKUS

Sambreel of banier?

Ds ALA Buys, Pietersburg-Noord

Watter soort kerk is ons, of altans is ons besig om te word? Dis natuurlik gevaarlik om van 'n soort te praat as dit by die kerk kom. Die kerk is tog eensoortig. Die kerk is die liggaam van Jesus Christus. Hy vergader sy kerk op sy manier. Die ware kerk is dan ook een. Christus verdeel nooit sy kerk in deeltjies nie.

Die gereformeerde kerk was nog altyd 'n banier-kerk – 'n Belydenis kerk, wat op grond van God se Woordopenbaring die belydenis as waarheidsbanier hoog opgehef het. Dit het tweeledige gevolge gehad:

- Aan die een kant het die gereformeerdes altyd geweet wie hulle is en waarvoor hulle staan. Ons het altyd die belydenis vasgehou as onderlinge band van eenheid aan mekaar.
- Tweedens was die Gereformeerde Kerke nog nooit skaam om op grond van die belydenis die grens tussen sekte en ware kerk asook tussen ware en valse kerk duidelik te trek nie. Teenoor die Rooms Katolieke kerk het ons histories bly pleit vir die volle openbaring van God aangaande geloof en werke. Teenoor die charismatiese sektes het ons dieselfde openbaringslig laat straal met die uitwys van die sektariese kenmerke.

Hoe lyk die lig?

Die gereformeerde banier, die belydenis, was en is geskoei op die openbaring van God - ook hoe ons met daardie lig omgaan.

Na die afgelope sinode is die vraag of ons nog 'n banier-kerk wil of kan wees? Ag, natuurlik is die driedubbele band van Skrif, kerkorde en belydenis formeel oor en oor bevestig. Maar hoeveel daarvan is slegs lippediens, en hoeveel was werklik gegrond op die openbaring? Almal wou gereformeerde wees. Almal wou die belydenis handhaaf. Almal wou by die Woord bly. Die banier moes formeel nog oor die sinode waai. Maar het ons nie maar 'n sambreel-kerk geword nie – in stede van 'n banier-kerk?

'n Sambreel-kerk is 'n modaliteitskerk waar meer as een

manier van Skrifhantering toegelaat word, waar sinodes uiteindelik sal ontaard in kerklike kletskonferensies waar jy vat en los soos wat jou gevoel jou voorsê. Wat egter verstommend is, is dat die afgelope sinode hierdie punt nie goed onderskei het nie. Daar was 'n gedurige toutrekkery oor twee hermeneutiese modelle, naamlik die grammaties-historiese en die sosiologies-historiese. Die vraag bly bestaan hoe wetenskaplik dit is, en hoe eerlik voor die Here, om met 'n nuwe manier van Skrifuitleg by besluite te arriveer en om dan die waagmoed te hê om te beweer dis niks anders as grammaties-historiese eksegeese nie. In die besprekings is daar rondgevoel in die harte, en gevat aan die tydsges. Daar's gevroetel met menseregte totdat dit ook in die Skrif sou staan.

Van bed en tafel geskei

Die Gereformeerde Kerke se gesig het ingrypend verander. Hoe gouer ons dit oop en eerlik vir mekaar sê hoe beter is dit. Dit lyk asof die gereformeerdes op hierdie stadium van bed en tafel geskei is, en dat daar in kerkverband saamgebly word ter wille van die kinders, veral as mens die koste van egskedings deesdae bereken. Daar was basies drie rigtings ('n persoonlike indruk weliswaar) op die sinode en dan per definisie in die kerk as geheel.

Subjektiwisme

Die post-modernisme en die grenslose subjektiwisme het 'n stewige staanplek in die kerk gekry. Ongetoetste roepingsgevoelens is sito-sito as openbaringsgrond verklaar. Buite bybelse gegewens is baie keer as finale verklaringsgrond vir die Skrif opgeneem. Die openbaringslig is in tienduisende individuele liggies opgebreek. Die Woord is op 'n relasionele

manier hanteer as 'n kodeks om versies aan die tydsgees te plak. Die Here moes die helfte van die waarheid gee, en die eie gereformeerde menslike konteks (wat maar altyd onvas en flottend is) het vlytig die ander helfte voorsien. Helfte goddelike lig, helfte menslike lig was die onuitgesproke manier van baie besluitnemingsprosesse.

Die Gereformeerde Kerke het die hek oopgemaak vir ongetoetste gevoelsgodsdienste waarvan die deininge nog nie eers op die horison sigbaar is nie. Die Gereformeerde Kerke het die deur opgeforseer dat die doppers vir hulleself onherkenbaar gaan word, as daar van die kansels gepreek gaan word dat die Here al die tyd menseregte met sy evangelie bedoel het. Die Gereformeerde Kerke het amptelik begin feminiseer met die uiteindelige gevolg dat hy sy evangeliese krag sal inboet.

Reaksionêr

Daar was ook die bekende reaksionêre groep wat presies geweet het waarteen hulle was maar nie kon sê waarvoor hulle staan nie. Dit was verskriklik opvallend dat evangelisasie bykans geen aandag op die sinode gekry het nie. Daar was nie eers klagtes oor gemeentes wat verkeerd evangeliseer nie. Die Gereformeerde Kerke het 'n instandhoudingskerk geword waar die huidige poel gawes, en veral krimpemde poel geld, al meer onder die verouderende kerk verdeel word.

Waaroor die kerk gepraat en besluit het (Tutu - met of sonder artikel 30 KO, TT Cloete met of sonder Messiaanse voetnote, gevoelvolle vroue en berouvolle manne) het boekdele gespreke oor die nuwe hermeneutiek wat nou amptelik in besluite aanvaar is. Die kerkverband sal nog die prys betaal vir gedurige twiste en beswaarskrifte wat besaai gaan lê op die volgende nasionale sinode - dalk lank voor die afgesproke datum van 2006.

Maar waaroor die kerke nie gepraat het nie was 'n groter aanklag van konserwatiewe kortsigtigheid. Die kerk is demografies en teologies in die moeilikheid, maar luister jy na die gerusstellende woorde van die manne wat die uitdeelwerk moet reël sou jy nooit sê dat die kerk in die doodsakker inbewege het nie.

Sterwensbegeleiding

Laat ons hierdie punt goed stel om misverstand te voorkom. Die Gereformeerde Kerke skeur sy eie hart uit as hy verder gaan toelaat dat die nuwe hermeneutiek (ongesiens?) ingesmokkel word onder die voorwendsel van ou goud. So tussen hakies: die sogenaamde nuwe hervorming het ook eens op 'n tyd êrens so begin. Die prys van daardie hermeneutiek is te hoog. As 'n mens na die afgevaardigdes van die buitelandse kerke geluister het, het daar een saak uitgestaan. Daar is oorgedra: julle doen nou wat reeds op ander plekke gedoen is en tragiese gevolge gehad het. Dowe ore het die oproepe begroet. Die volgende dekades - as die nuwe hermeneutiek nie met wortel en tak uitgewis word nie - gaan een van sterwensbegeleiding vir die Gereformeerde Kerke wees. Ons gaan die ou mense mooi begrawe en wonder waar bly die jonges dan.

Beter verlede

Die anderkant van die munt is net so dodelik. Die konserwatiste moet nie dink dat die antwoord van hierdie krisis by hulle lê nie. Alhoewel hulle (en daarvoor kan 'n mens dankbaar wees) niks met die nuwe hermeneutiek te doen wil hê nie, is die reaksionêre manier waarmee met die Skrif omgegaan word ook skadelik vir die kerk. Dit help nie ons soek nostalgies na 'n beter verlede nie. God wil elke dag van ons 'n nuwe lied hoor, 'n nuwe lied wat ook die ou (verbond se) woorde bevat. Die kerk het nie gepraat oor uitbreiding nie. Die kerk het nie oor die bekering van die heidene besin nie. Ons wil net hou wat ons het.

Dit wil al hoe meer voorkom asof die Godgegewe kerkverband as eenheidsband verval het tot 'n bloot administratiewe gerieflikheidsreëling vir ons predikante se gesondheid en aftreetyd. As ons die banier verberg onder die stof van die nuwe hermeneutiek, of met 'n skyn van postmoderne heilige liefde verklaar: ons het mekaar nodig, hou julle maar die banier hier onder ons groter sambreel vas, wat is dan die waarde van gereformeerde wees? As ons ons eenstemmigheid oor die openbaring klaar verloor het, het ons dan nog 'n stem vir die wêreld, die derde wêreld en ons mank eerste wêreld hier in Afrika wat hortend na sy eie asem snak?

Waaroor die kerk nie gepraat het nie verraai meer van ons eie teologiese armoede as wat ons dink. Dit kos geen profeet om te voorspel dat 'n kerk wat nie oor uitbreiding praat nie, maar net oor die status quo, geen werklike toekomsverwachting het nie. Hoeveel keer moet die Here nog die Gereformeerde Kerke se stilswey aanhoor oor ons gebrek aan evangelisasie? Want daar is darem nog genoeg geld en lidmate in die kerkkas oor. Dit klink soos koning Hiskia wat vir die Here sê: solank dit nie in my leeftyd gebeur nie.

Derde weg

Derdens was daar die min manne van die derde weg. Die wat besef dat ons hier 'n stryd oor openbaring beleef. En as ons die geveg oor die hermeneutiek (grammaties-histories) sou wen, dan het ons nog net oor die masjinerie gepraat. Ons het nog niks opgebou nie. Die manne van die derde weg sien in dat hierdie huidige tweestryd in die Gereformeerde Kerke (wat òf doleansie òf skeuring òf totale deformasie as moontlikhede inhou) in wese 'n sy-geveg is. Dit is nie die saak waarvoor dit behoort te gaan nie. Die stryd tussen konserwatisme en liberalisme (natuurlik elk in sy dopperkerkbaadjie) is in sy kern 'n valse stryd.

As ons besluit om 'n sambreel-kerk te word, gaan ons so 'n bietjie stryd hê oor die geboue en goed, oor die gemeentegrense, en dalk nog - o die pyn gedagte, soos ons digter sou sê - 'n nuwe teologiese skool, waar die een sambreel-kerk twee opleidingsplekke sal hê om die voorkeure en afkeure onder die sambreel te dien.

Nuwe indeling

Maar nee, die derde weg loop anders. Dit het tyd geword om reguit te sê dat daar 'n nuwe kerklike indeling behoort te kom rondom die openbaringslig, rondom Skrifgesag.

Op hierdie derde weg, waar daar oor die kerk en kerkverband nuut gedink word, (nie vanuit bestaande kerke en kerkverbande nie, maar vanuit die gereformeerde banier as belyde waarheid op grond van God se openbaring) sal almal wat dieselfde bely oor die Woordopenbaring mekaar moet opsoek en versterk.

Die ware kerk se stroom het dun geword. Dis nou die tyd vir stryd. 'n Stryd vanuit die belydenis oor die Woordopenbaring en die verwerping en verdraaiing en vermenging van die Woord met buite bybelse gegewens. Hierdie stryd gaan tot op die been sny - soos wat enige kerkstryd doen, maar die suiwerheid van die Woord is dit werd. Trouens, die vraag is of ons nog ter wille van die kinders in leuens voor die Here kan saamleef - om te maak asof ons een is terwyl ons mekaar vrees en verdag vind. Miskien moet die nuwe kerklike indeling vroeër eerder as later kom - juis ter wille van die kinders, wat nog lank na ons hier in Afrika die gereformeerde banier moet vashou. Dit is al manier van bestaan wat enigsins in Afrika sin maak.

Wat is in jou hand?

Hierdie is dus 'n beroep op elke gereformeerde lidmaat: Wat wil jy wees? Watter soort kerk wil jy wees? 'n Sambreel-kerk waar daar ook plek vir jou en my soort is? Of 'n banier-kerk waar daar die eensoortigheid van Christus se kerk bely word - waar elkeen verplig is om by aan te sluit? Of wil jy nie meer sê dat die Gereformeerde Kerke (gemeentes) wat die belydenis onbesoedeld handhaaf die ware kerk van God is nie? Dink jy ook al dis hoogmoedig om verbondsgehoorsaamheid so te spel?

Onthou net: Christus ken net een soort kerk. Sy eie kerk wat Hy op sy manier versamel. Waarmee is jy besig? Sambreel verbeelding of belydenis handhawing? Met God se lig of skynligte van mense? Die stryd het tot by jou voordeur gekom, waar jou kinders en kleinkinders in en (dalk finaal) uit sal gaan.

Wat is in jou hand? 'n Sambreel - weet dan dat die derde weg gehoorsaam anders sal verloop. As in jou hand die banier is, dan vind ons mekaar ootmoedig, strydend in God se lig. Want in sy lig, sien ons die lig - ook vir Potchefstroom en sy skool en sy sinodes.

OP DIE KERKERF

Die sinode het besluit ... wat nou?

Ds GJ Meijer, Wonderboom-Poort

Vroeg Januarie het die kerkverband in 'n nasionale sinode vergader. Gedurende Maart en April kom kerke in klassikale verband byeen. Aan die einde van elke jaar soek kerke mekaar in 'n partikulier sinodale verband op. Tydens al daardie byeenkomste word in die lig van Gods Woord besin. Daar word besluite geneem. En dan? Wat word van al daardie besluite?

In die Roomse kerkreg geld die reël: *papa locuta, causa finita*. Dit beteken: die pous het gepraat, die saak is afgehandel. As die pous besluit het, moet die besluit - ongeag die korrektheid daarvan - uitgevoer word. Hierdie reël druis lynreg teen ons skriftuurlike belydenis in. Ons mag geen geskrifte (of besluite) van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie, want die waarheid is bo alles (NGB Artikel 7). Besluite van mense is altyd toetsbaar aan die Skrif.

Hierdie skriftuurlike belydenis is die grondslag van Artikel 31 van ons Kerkorde. Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde. Artikel 31 is 'n vaste afspraak wat die kerke in die Gereformeerde kerkverband met mekaar het. Dié kerkorde-artikel eis optrede van elke kerkraad. Besluite sal vir vas en bindend gehou word!

Wat hier volg, is 'n punt-vir-punt uiteensetting van die toepassing van artikel 31. Dit is tevore ook al in Waarheid en Dwaling aangebied met die wens dat dit met vrug deur kerkrade gebruik kan word. Dit word weereens onder

elke leser se aandag gebring, sodat die weg van goeie orde end-uit bewandel kan word.

Vas en bindend

Die term 'vir vas en bindend hou' in artikel 31 Kerkorde is 'n swaar gelaaide begrip in die Gereformeerde kerkreg. Reeds gedurende die sestiende en sewentiende eeu is daar diepgaande besin oor wat 'vir vas en bindend hou' presies inhou. Toe die Sinode van Dordrecht in 1618/19 die Dordtse Kerkorde vasgestel het, was dit heeltemal duidelik wat met die voorskrif van artikel 31 bedoel word. 'Vir vas en bindend hou' behels in hoofsaak drie opeenvolgende aktiwiteite:

1. Besluite van 'n meerdere vergadering – soos wat dit in offisiële acta beskikbaar gestel word - moet deur die kerkraad, synde die vergadering wat deur God geroep en aangestel is om die kerk te regeer, bestudeer en getoets word of dit in alles ooreenkom met die Woord van God.
2. Besluite wat getoets is, moet geldig verklaar en as die kerkraad se eie besluit aanvaar word. Die kerkraad skaar

hom dus positief agter die geldige besluit van die meerdere vergadering.

3. Die besluit wat as besluit van die kerkraad aanvaar is, word uitgevoer.

Oor elkeen van hierdie drie handeling volg nou enkele praktiese opmerkings.

Besluite bestudeer en toets

Indeling van die werk

- Wanneer die acta van 'n meerdere vergadering deur die kerkraad ontvang word, word dit deur 'n kommissie, bestaande uit twee of drie kerkraadslede, deurgegaan en in sinvolle onderdele verdeel. Die indeling kan taamlik maklik aan die hand van die inhoudsopgawe van die acta gedoen word. Indien 'n kerkraadslid die betrokke meerdere vergadering as afgevaardigde bygewoon het, sal dit profytlik wees om hom by hierdie werk te betrek.
- Sake waarvan die kerkraad slegs kennis kan neem, word onderskei van sake wat so gou moontlik deur die kerkraad uitgevoer moet word.
- Besluite oor spesifieke onderwerpe, soos korrespondensie met buitelandse kerke of liturgiese aangeleenthede, word saamgegroepeer.

Verdeling van die werk

Aan die hand van die indeling van die "voorstudie-kommissie" word die hele kerkraad in kommissies verdeel om die verskillende onderdele te bestudeer.

- Elke kommissie is verantwoordelik vir die bestudering van 'n spesifieke onderdeel wat aan hom toegewys is. As daar genoeg eksemplare van die acta beskikbaar is, kan kommissies tegelykertyd werk. Dit sal die proses van ratifisering (vir vas en bindend hou) aansienlik bespoedig. Dit staan 'n kommissie vry om gemeentelede by die studie te betrek. Sodoende word die gemeente se nodige belangstelling vir die werk van die meerdere vergaderings geprikkel.
- Die kommissie se taak is die volgende:
 - a) Die punt(e) uit die acta wat met die oog op bestudering aan hom toegeken is, word in geheel gelees en kernagtig op skrif saamgevat.
 - b) Die besluit wat die meerdere vergadering met betrekking tot die saak geneem het, word woordeliks weergegee.
 - c) Die aanloop tot die besluit asook die besluit self wat die meerdere vergadering geneem het, word aan die Skrif, belydenis en kerkorde getoets om vas te stel of dit ten volle daarmee ooreenstem.
 - d) Die kommissie stel sy bevindinge op skrif.
- Die studieresultate dien by wyse van 'n skriftelike rapport as 'n aanbeveling op die kerkraad. Die kerkraad hanteer dit soos volg:

1. Die rapporte en aanbevelings van die verskillende kommissies word deur die kerkraad behandel.
2. Die kerkraad neem indringend kennis van die sake waarvoor die meerdere vergadering besin het, soos wat dit kernagtig deur die kommissie weergegee is.
3. Genoegsame ruimte word vir kerkraadslede geskep om aan die kommissie vrae te stel in geval iets uit die acta onduidelik is. Sodoende kom die hele kerkraad op hoogte van hoe die meerdere vergadering oor 'n spesifieke saak besin het en wat hulle daarvoor besluit het.
4. Die kommissie se bevinding, nadat hulle die betrokke besluit van die meerdere vergadering getoets het, dien vervolgens as voorstel op die kerkraad.
5. Met die bespreking van die voorstel toets die hele kerkraad die besluit van die meerdere vergadering.

Besluite geldig verklaar en aanvaar

- Na gelang van die toets, spreek die kerkraad een van twee uit: òf hy verklaar die besluit van die meerdere vergadering geldig (dit kom ooreen met die Skrif en die kerkorde), òf hy verklaar dit ongeldig (dit kom nie ooreen met die Skrif en/of die kerkorde nie).
- Hierdie geldig- of ongeldigverklaring moet genotuleer word.
- Indien bevind word dat 'n besluit ongeldig is, moet die bewyse daarvoor noukeurig in die notule opgeneem word.
- Indien die kerkraad 'n besluit geldig verklaar het, is die volgende stap om dit as 'n eie besluit te aanvaar (ratifiseer).
- Dit is moontlik om ratifisering saam met die geldigverklaring op skrif te stel, deur byvoorbeeld te notuleer: 'Die kerkraad verklaar die besluit van die sinode insake (Acta, punt ...) geldig en aanvaar dit as sy eie besluit'.
- Die bedoeling van die 'aanvaarding' moet duidelik gestel word, naamlik dat die kerkraad die besluit van die meerdere vergadering nou welbewus as sy eie verklaar.
- Indien die kerkraad 'n besluit ongeldig verklaar het, is die volgende stap om die bewyse daarvoor aan die kerkverband bekend te maak.
- Die bewyse vir die ongeldigverklaring, wat reeds genotuleer is, moet in 'n beswaarskrif of - indien nodig - in 'n appèlskrif geformuleer word.
- Die beswaar of appèl moet, uit gehoorsaamheid aan Christus en liefde vir die kerkverband, so gou moontlik aan die deputate vir korrespondensie met die oog op behandeling tydens die volgende meerdere vergadering, gestuur word.
- Tot tyd en wyl die volgende meerdere vergadering gesit en uitspraak oor die beswaar of appèl gegee het, is die skrywer(s) daarvan (in hierdie geval die kerkraad), nòg de jure nòg de facto aan die vermeende ongeldige besluit in geding gebind.

- In die interim-situasie wat as gevolg hiervan ontstaan, is die kerkraad verplig om die bewyse vir ongeldigverklaring so spoedig moontlik aan die betrokke meerdere vergadering voor te lê.
- Omdat dit hier oor gehoorsaamheid aan die Here en liefde vir die medegelowiges gaan, behoort so-iets met voortdurende gebed gepaard te gaan ten einde enige vorm van eiewilligheid en independente optrede te voorkom.

Besluite uitvoer

- Die besluit van die meerdere vergadering, wat intussen die besluit van die kerkraad geword het, moet nou uitgevoer word.
- Sommige besluite kan nie in die plaaslike kerk toegepas word nie, byvoorbeeld die meerdere vergadering se uitspraak oor 'n appèlsaak in 'n ander gemeente, of opdragte wat die sinode kragtens artikel 49 KO aan deputate gegee het. In so 'n geval handel die kerkraad nie verder met die geldigverklaarde en aanvaarde besluit nie.
- Sommige besluite kan nie direk uitgevoer word nie, maar moet in gedagte gehou word, byvoorbeeld besluite oor korrespondensie met buitelandse kerke. Dit sou goed wees as die kerkraad vir homself 'n register sou aanlê waarin sulke besluite opgeteken word, en waarna maklik verwys kan word as dit nodig blyk te word.
- Sommige besluite moet deur funksionaris in die gemeente uitgevoer word, byvoorbeeld die betaling van ramings en verpligte kollektes. Hieraan moet direk aandag gegee word.
- Deur sommige besluite word die hele gemeente geraak, byvoorbeeld kiesreg vir vroue. In so 'n geval moet die kerkraad, nadat hy die besluit van die sinode getoets,

geldig verklaar en sy eie gemaak (geratifiseer) het, so gou moontlik die gemeente oor sy besluit inlig. Die aangewese weg sou wees dat die kerkraad 'n gemeentevergadering belê en die saak diepgaande met die gemeente bespreek. Sodoende kan die hele gemeente ook onder die indruk van die korrektheid van die besluit kom en van harte deelneem aan die uitvoering daarvan. Die gemeente leer tegelyk insien dat die besluit nie maar net " 'n sinodebesluit" is wat teen wil en dank uitgevoer moet word nie, maar dat die betrokke besluit hulle eie kerkraad s'n is, wat in die Naam van die Here oor hulle moet regeer.

- Indien 'n lidmaat op grond van Gods Woord of die geldende kerkorde aantoon dat 'n besluit ten onregte deur die kerkraad geldig verklaar en aanvaar is, moet hy/sy die bewyse daarvoor aan die kerkraad voorlê sodat die kerkraad sy besluit kan heroorweeg.

Wanneer hierdie werkwyse gevolg word met die hantering van besluite van meerdere vergaderings, word daar voldoen aan die "sal vir vas en bindend hou" van artikel 31 Kerkorde.

Tydskedule

Vir die omvangryke werk van ratifikasie is daar nie baie tyd nie. Sinodebesluite moet so gou as moontlik uitgevoer word. Aan die ander kant, indien 'n kerkraad sou bevind dat 'n bepaalde besluit nie geratifiseer kan word nie, moet daar met haas opgetree word. Soos hierbo vermeld, is die korrekte kerklike weg dat 'n beswaarskrif oor die betrokke besluit by die klassis moet dien. Indien die klassis bevind dat die beswaar van die kerkraad gegrond is, word dit na die eersvolgende partikuliere sinode verwys. Van daar gaan dit na die Nasionale Sinode 2006. Die proses mag dalk omslagtig lyk, maar is nietemin gebiedend noodsaaklik. Menslike kortsigtigheid en eiewilligheid moet ten alle koste vermy word.

Reg of verkeerd

Dr AH van den Bout, Pretoria

Artikel 31'ers is hulle smalend genoem. Die Gereformeerdes in Nederland, wat hulle in 1944 nie aan bepaalde Sinodebesluite kon konformeer nie, het op grond van Artikel 31 van die Kerkorde beswaar gemaak. Die Sinode het besluit dat kinders wat gedoop word geag moet word as wedergebore, tensy die teendeel later sou blyk. Die Sinode het die besluit dwingend opgelê, asof hulle die gesag gehad het om dit te doen. Na nog ander verwickelinge het die Vrymaking gevolg. Die naam Artikel 31'ers het 'n benaming geword waarop die Vrygemaakte Gereformeerdes trots geword het.

Dit is immers elke selfstandige Gereformeerde Kerk se plig om sinodebesluite vir vas en bindend te beskou, tensy

bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde.

Die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika wou hulleself nooit bemoei met hierdie Nederlandse kerkstryd nie. Hulle het dan ook, soos hulle later tot hulle spyt moes agterkom, kontak met die Sinodaal Gereformeerdes (Gereformeerde Kerken Nederland - GKN) voortgesit. Die GKN het die spoor daarna sodanig byster geraak dat die GKSA hulle in 1976 vaarwel toegeroep het. Baie skade is egter deur hierdie kontak tot 1976 opgedoen, veral vanweë die kontak met die vrysinnige Vrye Universiteit van Amsterdam en die vrysinnigheid wat in die Sinodaal Gereformeerde Kerke geheers het.

Artikel 31 uitgerangeer

Daar lê nou in Suid-Afrika ook 'n Artikel 31 kerkstryd voor. Die sinodebesluite van die afgelope Sinode van Potchefstroom in 2003 moet deur kerkrade aanvaar en vir vas en bindend gehou word, tensy bewys word dat die besluit of besluite in stryd is met Gods Woord. Dit hang dus nie van 'n mindere vergadering, soos 'n kerkraadsvergadering, af of besluite goedgekeur en bekragtig word voordat uitvoering daaraan gegee word nie. As die besluit van 'n meerdere vergadering nie op grond van Gods Woord aanvaar kan word nie, dan moet daar 'n offisiële beswaar gemaak word wat binne die ordelike kerklike weg behandel moet word.

Dit is merkwaardig dat die praktyk om vroue in die besondere amp toe te laat reeds 'n geruime tyd deur 'n aantal Gereformeerde Kerke toegepas is; en dit, terwyl die Sinodebesluit van 1988 van krag is. Artikel 31 KO is deur die betrokke Gereformeerde Kerke op 'n syspoor geplaas. Die kerklike weg van beswaar aanteken wat bewys dat die besluit in 1988 volgens die Skrif verkeerd was, is nie gevolg nie. 'n Independentistiese neiging in ons Gereformeerde Kerke het ontstaan. Die betrokke kerke het bloot gedoen wat hulle self wou.

Sinode 2003

Die saak word nog merkwaardiger as die totstandkoming van die 2003 besluit met betrekking tot die vrou in die amp in oënskou geneem word. Daar moet vasgestel word dat die Sinode tot verbystering van vele die spoor klaarblyklik byster geraak het. Miskien is dit (met verwysing na die praktyke wat reeds in sommige kerke geheers het) beter om te stel dat baie sinodegangers al voor die besluitname die spoor byster was. Hoe dit ook al is, die verbystering oor die sinodebesluit behels twee kante. Die eerste kant is die manier waarop en die proses waardeur die besluit tot stand gekom het. Die tweede kant is die inhoud van die besluit.

Die opdrag

Die verbysterende manier waarop die besluit tot stand gekom het om die vrou tot die amp en dan met name tot die diakenamp toe te laat, is die feit dat 'n deputaatskap wat deur die Sinode van 2000 aangestel is om die posisie van die vrou in die kerk diepgaande te ondersoek, hulle nie aan hulle opdrag gehou het nie. Die opdrag aan die Deputate lui soos volg: (Acta 2000, bladsy 440 en 441, E1 tot 7):

1. Om met besluite van vorige Sinodes as vertrekpunt (vergelyk Kerkorde Artikel 31 en 46) 'n studie te maak oor wat in die Skrif geopenbaar word oor die wyse waarop die Here die vrou in die kerk gebruik het en steeds wil gebruik.
2. Om alle bestaande inligting en besluite in die Acta's van die Sinode oor die plek van die vrou in die kerk duidelik saam te vat, te publiseer en op 'n bevatlike wyse aan die kerke beskikbaar te stel.
3. Om die studie op so 'n wyse te onderneem dat die kerke daarin saamgeneem word, deurdadig die Studie-deputate vir kerkrade en individuele lidmate op 'n

ordelike gekoördineerde wyse geleentheid gee om tot die onderskeie fases van die studie insette te mag lewer.

4. Om in die studie te fokus op die openbaringshistoriese Skrifgegewens oor die plek en rol van die vrou in die kerk. Duidelike verband moet in die studie aangetoon word oor die raakvlakke van die plek en rol van die vrou in samehang met die plek en rol van die man.
5. Om te poog om antwoorde te vind op talle onbeantwoorde vrae en los lyne wat daar uit die vorige studies uitgespruit het, soos blyk oor die motivering by die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal (Acta 2000:440).
6. Om te poog om op 'n verantwoorde wyse die weg aan te dui waarop die resultate van hierdie studie in die kerk geïmplementeer kan en behoort te word.
7. Om die bevindings en besluite van Gereformeerdes wêreldwyd te verreken in die studie.

Die deputate het punt 6 van die opdrag, naamlik om op 'n verantwoorde wyse die weg aan te dui waarop die resultate van die studie van die los lyne en die onbeantwoorde vrae in die kerk geïmplementeer kan en behoort te word, aangegryp om aanbevelings te maak dat die vrou nou wel in die amp, met name dan die diakenamp mag dien. Artikel 46 van die Kerkorde is hierby egter nie in berekening gebring nie. Opdrag 1 het immers gemeld dat met die besluite van vorige Sinodes as vertrekpunt, waarby Artikel 31 en 46 dan ter sprake is, 'n studie gemaak behoort te word. Artikel 46 van die Kerkorde lui: sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande Sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is nie weer voorgestel word nie, tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander.

Dr Jan Visser meld in sy boek 'Die Kerkorde in Praktyk' (p 204) dat die Sinode van 1964 (Acta bladsy 44 en vervolgens) 'n vaste prosedure vir die behandeling van beswaarskrifte voorskryf. Op die Sinode van 1991 is hierdie prosedure egter geskrap en is daar besluit dat die kerklike weg (die weg van artikel 33 van die Kerkorde) gevolg moet word (Acta bladsy 526 tot 528). In 1994 is die vorige besluit verduidelik: dat dit nie beteken dat beswaardes hulle nie meer regstreeks op die vergadering wat 'n besluit geneem het, mag beroep nie, maar wel dat die weg geopen is om die saak deeglik deur die mindere vergaderings te laat toets voordat dit op die meerdere vergadering se tafel kom.

Daar kan dus volgens artikel 33 van die Kerkorde geen oop agenda wees nie. Slegs sake wat deur mindere vergaderings opgedra is, mag in die agenda van die meerdere vergadering opgeneem word. Die opdrag aan die deputate oor die posisie van die vrou in die kerk mag nie in stryd met artikel 33 wees nie, naamlik dat 'n saak - wat reeds deur Sinode van 1988 afgehandel is - via 'n kortpad weer op die agenda geplaas word, sonder dat die pad van artikel 46 gevolg is nie.

Waar dit dus kortliks op neerkom is dat die Sinode nie moes toegelaat het dat die saak van die vrou in die amp op hierdie manier weer ter sprake gekom het nie. Kommissies

wat in diens van die Sinode rapporte bestudeer en die Sinode daarvoor adviseer, het die roeping om vas te stel (a) of die deputate hulle opdrag korrek uitgevoer het en (b) of hulle aanbevelings nie in stryd met art 46 KO is nie. Dit was derhalwe 'n onregmatige toelating gewees. Die besluite wat daarvoor geneem is, is gevolglik in werklikheid nie regsgeldig nie. Die probleem van die mindere kerklike vergaderings is nou om hulleself ooreenkomstig artikel 31 KO aan hierdie besluite van die Sinode, wat op so 'n manier tot stand gekom het, te konformeer.

Artikel 30

Artikel 30 van die Kerkorde is ook van belang. Artikel 30 lui: kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake op kerklike wyse behandel. Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie, of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort. Volgens dr Jan Visser - in sy gemelde werk oor die Kerkorde - beteken dit dat sekere handelwyses nie in kerklike vergaderings geduld mag word nie. Dr Visser noem dan die volgende: 'partyvorming, vooraf koukus, onbehoorlike beïnvloeding van persone, manipulasie van persone en/of prosedures, dreigemente en/of geweldpleging, sloerstaking, omkopery, protesteer by wyse van uitstap, stoomroller-taktiek en dwangmaatreëls'.

Dr Visser vat dit soos volg saam: 'alle metodes om eie standpunt te laat seëvier ten koste van die eer van God, die welsyn van die kerk en die belang van die saak in behandeling moet ten sterkste afgewys word'.

Dit kan dus soms nodig wees dat 'n meerdere vergadering soos die Sinode deur middel van verdere studie van deputate meer lig op 'n bepaalde saak kan kry, voordat daar 'n besluit geneem kan word. Maar dan moet die deputate hulle aan hulle wel omskrewe opdrag hou.

Dit is merkwaardig dat daar gedurende die jaar voordat die Sinode gehou is 'n werkswinkel by Potchefstroom gehou is oor die posisie van die vrou in die kerk. By daardie werkswinkel is daar allerlei persone aan die woord gestel wat nie op 'n gereformeerde werkswinkel tuishoort nie. Persone wat die inspirasie van die Skrif loën, Skrifkritiek aktief beoefen en andersins bekend is daarvoor dat hulle nie Christene is nie. By daardie werkswinkel is daar ook verontrustende geluide uit ons eie geleedere gehoor, met name dan prof Fika J van Rensburg en dr Wim Vergeer.

Waar die studieresultate van die deputate oor die posisie van die vrou toegehou is, het prof Fika van Rensburg en dr Wim Vergeer blykbaar wel georganiseer daarvoor gesorg dat daar weer 'n nuwe voorstel oor die vrou in die amp gaan kom op grond van 'n herwaardering van Skrifgegewens. Die mees ontstellende is egter dat daar 'n beswaarskrif deur prof Fika van Rensburg en dr Wim Vergeer by die Sinode ingedien is, waar daar beswaar gemaak word teen die besluite van die Sinode in 1988 insake die vrou in die besondere ampte. Saam met die werkswinkel wat gehou is en die publikasie wat dit gekry het, is die lysie van ongeoorloofde manipulasie-tegnieke wat dr Jan Visser op bladsy 127 van sy boek voorhou skielik nie meer so snaaks nie.

Beriggewing dat die Sinode begin het deur te besluit dat 'n videoband oor vroue wat getuie is wil lewer vir die vrou in die amp nie toegelaat kan word nie, kan tog as 'n onbehoorlike beïnvloeding van persone en manipulasies van persone of prosedures gesien word. Hierby is selfs vooraf koukus en partyvorming, asook stoomroller-taktiek moontlik ter sprake. Dit te meer, gesien die feit dat hierdie video steeds aan sinodegangers vertoon is, buite die besluit van die Sinode om, wat hierdie metodes, om eie standpunt te laat seëvier, nog meer verdag maak.

Daar word in die motivering van die beswaargronde deur prof Van Rensburg en dr Vergeer melding gemaak dat die Sinode van 1988 'n onbybelse vertrekpunt gehad het oor die saak dat alle mans gesag het oor alle vroue.

Die sinodebesluit is volgens verdere beswaargronde onewewig en inkonsekwent wat betref sy hermeneutiese gebruik. Die Bybel word kasuïsties gehanteer en die Sinode hanteer die Bybel op 'n a-historiese wyse. Hierdie omgang met die Bybel laat nie reg geskied aan die selfverklaarde Gereformeerde hermeneutiese vertrekpunt van die tydgerigtheid van die Bybel nie.

Die Sinode het hierdie beswaarskrif in behandeling geneem en afgewys dat vroue weens beweerde ongeldige Skrifhandeling nie in die besondere ampte kan dien nie. Selfs die feit dat die Sinode dus wel die beswaarskrif aangehoor het, moet vir die kuratore 'n aanduiding gee dat die twee broeders met 'n ander hermeneutiek as die GKSA werk en dat daar kragtens die ondertekeningsformuliere rede is om hierdie saak te ondersoek en hierdie twee broeders tot verantwoording te roep. 'n Mens kan nie in die Gereformeerde Kerke sommer verkondig wat jy self dink reg is, of waarvan jy oortuig geraak het na 'n interkerklike werkswinkel nie.

Verbysterende sinodebesluit

Dit is verder nie net verbysterend hoe die Sinodebesluit oor die vrou in die amp tot stand gekom het nie, maar dit is ook verbysterend dat die Sinode 'n totale ommekeer gemaak het in sy besluit dat die vrou wel tot die amp van diaken toegelaat kan word. Daar het geen nuwe Skrifgegewens na vore gekom nie, net die wyse waarop bepaalde Skrifgegewens uitgelê moet word. Daar kan verder nie met sekerheid vasgestel word dat die vrou wat in die Nuwe Testament genoem word inderdaad ook as diakonesse in die amp gedien het nie. Dat dieselfde Skrifgegewens nou gebruik word om 'n totaal teenoorgestelde standpunt in te neem staan lynreg teenoor ons belydenis insake die Skrif as waarheid, wat deur God ingegee is, en waarvan geen tittel of jota afgedoen mag word nie.

Hoe is dit moontlik dat daar so 'n skielike en totale ommeewaaiering kan kom van die gereformeerde mening dat 'n vrou nou wel in die amp van diaken kan dien? Om hierdie vraag beter te verstaan, is dit miskien goed om terug te gaan na die grondslae van die filosofie en ook die regsfilosofie.

Onderbou

Die bonos mores of te wel die regsopvatting van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika oor die vrou in die amp was tog altyd dat die Skrif daarvoor geen ruimte laat nie. Dit is so dat die opvatting in die NG Kerke en in die Nederduitse Hervormde Kerke al lankal omgeswaai het na die vrou in die amp. Die Gereformeerdes is dikwels uitgemaak as verkramp en as mense wat by hulle Skrifuitleg geen rekening wil hou met nuwe wetenskaplike tegnieke en ontdekkings nie. Die Gereformeerde Kerke is met ander woorde verwyd dat hulle nie met die tyd wil saamgaan nie. Dat die heersende opvatting oor die vrou in die amp so skielik omgeswaai het, is moontlik tog nie so vreemd gesien die sosiale druk wat die maatskappy, en dan met name die sogenaamde susterkerke al die jare op die Gereformeerdes uitgeoefen het nie. 'n Werkswinkel soos die vir die posisie van die vrou, die aandrang om 'n klomp vroue deur middel van 'n video met die sinode te laat praat, die alarmering van die uur en tyd waarop die saak in behandeling geneem sal word om die vrouegemeenskap saam met die openbare pers vir 'n semi-toi-toi aksie teen die kerk op te sweep, pas dan skielik in die prentjie.

Dit is egter wel so dat daar nog 'n hele aantal kerke wêreldwyd is wat nie hierdie standpunt huldig dat die vrou in die amp toegelaat kan word nie. Een van hulle is die Gereformeerde Kerke in Nederland (Vrygemaak), waarmee die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika korrespondensie gesoek het. Die besluit van die Sinode van die Gereformeerde Kerke (Vrygemaak) in Zuidhorn in 2002, om eers die saak of die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika inderdaad nie besig is om van die spoor af te gly nie nader te bestudeer, was moontlik tog nog nie so verkeerd gewees nie.

Filosofiese lyne

As ons egter wil nagaan hoe dit moontlik is dat dieselfde Skrifgedeeltes nou totaal anders as voorheen verklaar kan word, is dit moontlik tog nuttig om 'n aantal gedagtegang van die natuurregfilosofie in oënskou te neem.

Die natuurreg het altyd nog erkenning gegee aan 'n stel redelike kenbare norme wat bo en behalwe die gewone aardse positiewe reg van 'n bepaalde gemeenskap bestaan en wat universeel is in die sin dat dit vir alle plekke en tye en mense onveranderlik geld. Hierdie regsvoorskrifte hoef dus nie deur menslike vormgewing gestalte te kry nie. Dit is universeel geldend en dit is nie iets wat jy soseer deur jou sintuie kan waarneem nie.

Alhoewel die natuurregfilosofie reeds 'n aantal eeue voor Christus sy begin gehad het en dan met name ook berekeneer is deur Sokrates, Plato en Aristoteles, het Cicero dit meer en duideliker geformuleer. Vir Cicero was die natuurreg die *lex aeterna*, die ewigdurende oral eenderse en universeel geldende wet wat deur 'n goddelike gees ontstaan het. Elke mens het 'n doel en elke mens streef daarna om die hoogste goed te bereik.

Augustinus (354 - 430 na Christus) het hierdie natuurreg- raamwerk aangegryp om die christelike en bybelse gedagtegang uiteen te sit. Die *lex aeterna*, die ewigdurende wet, is

volgens Augustinus die ewige onveranderde regstelsel wat by God gesetel is en wat menslike gedrag voorskryf om die natuurlike orde te handhaaf. Hierdie *lex aeterna* blyk onder andere uit die orde van die skepping. Die *lex naturalis* of natuurwet is vir Augustinus 'n voortvloeiende uit hierdie *lex aeterna*. Dit bestaan in die rede van die mens en is in sy hart ingegrif. Augustinus het verder nog onderskeid gemaak met die *lex temporalis*, die wet wat deur 'n aardse wetgewer daargestel word en wat op 'n bepaalde tyd en plek bindend is sover dit streng in ooreenstemming is met die *lex aeterna*. Die positiewe reg is vir Augustinus slegs bindend in soverre dit ooreenstem met die *lex aeterna*, met daarby as ondergrond dat die skepping van God deur die sondeval versteur is en dat daardeur die *lex naturalis* en *lex temporalis* in stryd kan wees met die *lex aeterna*.

Thomas van Aquino (1225-1274) het hierdie gedagte van Augustinus weer opgevat. Hy aanvaar dat die mens 'n doel (*telos*) het, met as uitgangspunt dat dit die mens se hoogste roeping is om die ewige saligheid te verwerf. Die mens streef na hierdie doel deurdat hy gebruik maak van sy verstand en van sy geloof. Deur die sondeval is die menseverstand egter verduister en het die mens geloof nodig om die ewige wet van God te kan verstaan en om by die ewige geluksaligheid te kom. Waar die hele wêreld deur God geregeer word, is die menslike verstand voldoende vir die tydelike sfeer. Die mens is 'n deel van die skepping en die menslike verstand is 'n deeltjie van hierdie goddelike rede, wat in die mens ingeplant is. Hierdie rede van goddelike wysheid word deur Thomas van Aquino die *lex aeterna* genoem. Omdat die mens deel is van die skepping bestaan die *lex naturalis* as die wet wat die *lex aeterna* in die mens uitwerk. Natuureg of die *lex naturalis* is daardie deel van die *lex aeterna* wat in die mens ingebore is. Met hierdie *lex naturalis* kan die mens dan onderskei tussen goed en kwaad en besef hy wat goed is vir die nastrewe van sy doel.

As ons hierdie natuureggedagtes in ons kerklike lewe wil vertaal, dan beteken dit dat die *lex aeterna* die Goddelike wil is soos Hy Homself in sy Woord geopenbaar het. Die *lex naturalis* is wat ons as mense met ons verstand en met ons gevoel uitwerk in ons kerklike lewe. Deur Gods voorsienigheid het ons die volledige kanon van die Bybel ontvang en is dit dwarsdeur die eeue vir ons bewaar. Waar ons dus die boek van die natuur het (Romeine 1:20), het ons ook die boek van die skriftuur ontvang waarby God Hom in sy drie-eenheid openbaar.

Lyne deurgetrek

Om hierdie gedagtegang nou deur te voer na die probleem-situasie rondom die interpretasie van tekste, met name I Korintiërs 14:34,35 en 1 Timoteus 2:11,12 kan die volgende opgemerk word.

Oor die Goddelike geïnspireerde Woord se letterlike weergawe van die grondteks blyk daar geen verskil van mening te wees nie. Die verskil kom na vore in die manier waarop hierdie tekste uitgelê moet word, op grond van nuwer insigte, hoe die geskiedkundige deel daarvan uitgelê moet word. Die hernude bestudering en verbeterde kennis

van die posisie van die vrou in die Grieks-Romeinse wêreld en die Jodendom maak dat hierdie tekste nou anders uitgelê moet word. Tydgerigtheid van die Bybel is nou belangriker. Historiese insig wat gegrond is op wetenskaplike navorsing is selfs van deurslaggewende belang.

Buite-bybelse gegewens oor patriargale samelewingsstrukture, spesifieke samelewings of gemeentelike omstandighede, literêre en argeologiese getuïenisse oor die leierskaprolle van die vroue in die vroeë Christelike gemeentes en die hoë waarde wat die mense destyds aan die behoud van sosiale orde en strukture geheg het, gee die deurslag. Deur teks met teks te vergelyk het die kerk deur alle eeue nie by die ewige waarheid uitgekom nie. Slegs deur van die nuutste navorsingstegnieke gebruik te maak, kan bepaal word dat die kerk al die eeue nog verkeerd was, dat daardie tekste so met hulle sosio-kulturele leefwêreld verkleefd was, dat dit ook net tot daardie tyd beperk was en dat die vrou vandag inderdaad tot die amp toegelaat kan word.

Balans

Dit is nie net 'n oorwaarding van die menslike navorsingsmetodes nie, maar ook 'n valse gerustheid dat hierdie moderne insigte inderdaad lei tot 'n totaal omgekeerde standpunt wat betref die vrou in die amp. Waar die geopenbaarde wil van God in sy Woord as die ewige en altyd geldende norm in die kerk gedien het (*Sola Scriptura*), moet hulle nou in die 'beter lig' van die sosiologie, rasionalisme en die realisme beskou word. Die menslike kennis en die menslike verstand het nou geseëvier, aangesien dit as 'n sleutelgat gesien word waarvolgens die ewige wette van God geïnterpreteer en oopgesluit moet word. Sleutelgat-teologie dus. Norme en gebooue wat God in sy Woord aan ons voorhou, word dan relatief, tydgebonden en nie meer altyd geldend nie.

'n Draai in die regte

Relatiewiteit van die moraliteit, en of dit as sodanig deur die reg afdedwing kan word, het in 'n baie interessante debat tussen prof Hart en Lord Devlin gedurende die vroeë sestigerjare ontstaan. Alhoewel hierdie debat ietwat afwyk van ons gedagtegang oor die handeling wat op die Sinode plaasgevind het, is dit tog interessant om hiervan kennis te neem, aangesien hier ook 'n les uit geleer kan word.

Die aanleidende oorsaak van die strydgesprek was die bevinding van die sogenaamde Wolfende komitee. In Engeland het die komitee ondersoek ingestel na die strafreg met betrekking tot prostitusie en homoseksualiteit. Die komitee het die volgende aanbevelings gemaak: Eerstens dat homoseksuele dae tussen toestemmende volwassenes in privaatheid gepleeg nie langer as misdadig gereken kan word nie en tweedens dat prostitusie nie 'n misdadig moet wees nie, maar dat public soliciting wel onwettig moet wees. Lord Devlin, 'n Engelse regter, het sterk te velde getrek teen bevindinge van hierdie komitee wat betref die homoseksuele gedrag. Prof Hart het hierdie standpunt gekritiseer. Die strydgesprek het in hoofsaak gesentreer om die vraag of homoseksuele gedrag wat tussen

toestemmende volwassenes in privaatheid gepleeg word, strafbaar is, al dan nie. Die kern van die saak was of 'n bepaalde gedrag deur 'n bepaalde gemeenskap as immoreel beskou moet word en of dit genoegsaam is om daardie gedrag dan strafbaar te maak. Is dit moreel toelaatbaar om moraliteit as sodanig af te dwing? Moet die hof dus as 'n *custos morum*, as 'n beskermmer van die sedes beskou word, of nie?

Lord Devlin het gemeen dat daar heelwat seksuele immoraliteit is wat nie strafbaar gestel word nie, bv owerspel en prostitusie. Die vraag kan dus gevra word wat die verband tussen misdadig en sonde is. Die Wolfende verslag het gestel dat die funksie van die strafreg is om as beskermmer van die burger op te tree teen wat onbetaamlik is en wat die burger ondermyn. Immoraliteit wat in privaatheid gepleeg word, is volgens Devlin nie beskermingswaardig nie: 'They separate very decisively crime from sin, the divine law from the secular and the moral from the criminal'. Sedes en godsdiens, so sê Lord Devlin, is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Geen sedekodes van enige volk kan op geldigheid aanspraak maak nie, behalwe op die sterkte van die godsdiens waarop dit gebaseer is. Indien 'n staat weier om die Christelike geloof en godsdiens te beskerm en af te dwing, het daardie staat die reg verloor om Christelike sedes af te dwing.

Indien 'n misdadig beoordeel word, word daar tog nie gekyk na die toestemming van die benadeelde persoon of word dit in berekening gebring nie. Misdadig is 'n daad teen die gemeenskap waar sekere gedragstandaarde en sedelike beginsels oortree word.

Op die vraag of daar 'n publieke moraliteit behoort te wees en of morele waardes altyd 'n saak van private beoordeling is, antwoord Lord Devlin bevestigend. As die gemeenskap homoseksualiteit nie as immoreel beskou nie, sal daar geen basis wees vir wette wat jeugdige teen korrupsie beskerm nie. Lord Devlin vergelyk dan die verbod op hoogverraad vir die behoud van die bestaande regering met die gevestigde moraliteit wat noodsaaklik is vir die behoud van die betrokke gemeenskap. Daar moet volgens Lord Devlin toleransie wees van die maksimum individuele vryheid wat konsistent is met die integriteit van die gemeenskap. Hieruit lei hy drie hoofbeginsels af, naamlik dat die grense van toleransie kan verskuif, dat by enige nuwe saak van morele waardes die reg nie te vinnig moet optree nie en dat privaatheid sover as moontlik gerespekteer moet word. Owerspel wat net so immoreel is soos homoseksualiteit, sê Lord Devlin, word nie strafbaar gestel nie, omdat dit 'n menslike swakheid is wat nie uitgewis kan word deur straf nie.

Prof Hart se standpunt hieroor was die vraag of dit moreel reg is om immoraliteit per sé strafbaar te stel. Prof Hart vra homself af of die disintegrasie van so 'n gemeenskap nie dikwels beter is as die handhawing daarvan nie. Wat betref die regverdiging vir die gebruik van straf om moraliteit af te dwing, hou die gevolge van reg dan iets beter in as die onmiddellike pyn en lyding wat die verbod op geslagsdrange meebring. Prof Hart stel dit as 'n historiese feit dat sekere gedrag moreel verbode is. As, soos deur Lord Devlin geredeneer word, daar geen onderskeid is tussen openbare

en private moraliteit nie, dan - sê prof Hart - kry die mens die onhoudbare situasie dat 'n persoon wat in privaatheid 'n immorele daad pleeg, gestraf word, bloot omdat ander mense beswaar maak teen wat hy doen. Prof Hart meen dat immorele gedrag wat in privaatheid gepleeg word, nie noodwendig die bestaan van 'n gemeenskap bedreig nie. Prof Hart stem ook nie saam dat die sedes van 'n gemeenskap op 'n bepaalde moment kan afwyk nie, omdat dit sal lei tot die vernietiging van die gemeenskap. Dit sou volgens prof Hart die absurde gevolgtrekking inhou dat as die sedes van 'n gemeenskap verander 'n gemeenskap tot niet sal gaan en 'n ander sy plek sal inneem.

Straf, so beweer prof Hart, verseker by wyse van bedreiging, wat mense doen of versuim om te doen, dit wat die reg beveel of verbied. As daar dan geen nadeel aan 'n ander toegebring word nie, hoekom moet daar dan gedreig word met straf? Straf kan ook net toegedien word indien daar 'n slagoffer is en daar dus 'n nadeel aan 'n ander toegebring is. Hart betwyfel ten sterkste dat die gevoel dat 'n daad soos homoseksualiteit as immoreel beskou word deur regsdwang behoue kan bly.

Vordering by ander vakwetenskaplike dissiplines soos antropologie en psigologie kan die gevoel dat homoseksualiteit immoreel is, volgens prof Hart laat verdwyn. Relatiewiteit van die ewige wette van God rus op grond van nuwer navorsingsmetodes en nuwer wetenskaplike insigte op die sleutelgat teologie.

'n Liedboek-noot

In dieselfde lyn kan die aanvaarding van die Cloete psalmomdigting gesien word. Die omdigting van prof Cloete word as 'n taalkundige en kulturele topprestasie beskou en is al met verskeie toekennings vereer. Die feit dat hierdie psalms dan nie so noukeurig weergee wat die skrif vir ons sê nie, is nie meer belangrik nie. Al die studie wat prof d'Assonville en dr Attie Bogaards onder andere gedoen het, waarin hulle aantoon dat hierdie psalmomdigting

onskriftuurlik is, is van mindere waarde. As die interpretasie van die psalms dan inderdaad so belangrik is dat voetnota's aangebring moet word, hoekom word toegelaat om die psalm te sing? Voetnota's word tog nie gesing nie.

As dit net 'n kwessie van taalkundige andersheid was, dan kon daar nog gepraat word van verkramptheid of verligtheid. Hier gaan dit egter oor dieselfde beginsel as oor die aanvaarding van die vrou in die amp, naamlik dat die Woord van God onaangetas gelaat moet word, as dit kom by 'n meer moderne verwerking. Dit is origens nog 'n totale raaisel hoe die gebruik van 'n nuwe psalmberyming aanbeveel kan word, sonder dat dit goedgekeur is. Het sosiale druk ook nie maar weer 'n rol gespeel nie?

Skeidslyn

Daar het 'n nuwe tydvak in die geskiedenis van die GKSA aangebreek. Daar het 'n duidelike skeidslyn gekom tussen die skrifgetroues en die meer liberales. Dit het tyd geword om onder die vaandel te versamel waaronder 'n mens geken wil word. Dit het tyd geword om kleur te beken. Daar is op die Sinode standpunt ingeneem. Van elke gereformeerde word nou verwag om dieselfde te doen en om sy plig as gereformeerde gelowige na te kom. Geen independentisme, maar binding aan die Kerkorde soos ons dit in die kerkverband aanvaar; en binding aan die Skrif sowel as aan die drie formuliere van enigheid. Zero toleransie vir onskriftuurlikheid en wanordelikheid. Op grond van artikel 31 sal elke kerkraad wat daarvan oortuig is dat bepaalde Sinodebesluite (in besonder wat betref die vrou in die amp en die aanvaarding van die Cloete omdigting) verkeerd is, beswaar moet maak via die kerklike weg, sodat, indien die Here dit wil, daar 'n terugkeer kan kom op die regte spoor.

Ecclesia reformata semper reformanda et semper puranda. Die Gereformeerde Kerk is altyd reformerende en altyd suiwerende.

Staan daar geskrywe?

- Dr W Vergeer se uitleg van 1 Timoteus 2:11-15 geweeg

Ds JR Visser, Vrye Gereformeerde Kerk Maranatha

Die laaste Sinode van die GKSA het 'n beswaarskrif van prof J van Rensburg en dr W Vergeer teen die uitsprake van die Sinode van 1988 behandel. 'n Baie belangrike agtergrond van hierdie beswaarskrif is die eksegetiese van 1 Timoteus 2:1-15. Sowel prof van Rensburg as dr Vergeer het hulle al eerder oor die eksegetiese van hierdie gedeelte in God se Woord uitgespreek.¹

Die Sinode het kennis geneem van die volgende belangrike en beslissende sin in die kommissierapport oor genoemde beswaarskrif: 'Beswaardes motiveer dit deur die "gedagte-opbou" van 1 Timoteus 2:1-3:16 wat hulle voorstaan, as "geldiger" as die Sinode (die van 1988 JRV) voor te hou'. Na die oordeel van die kommissie kan die 'gedagte-opbou' wat die beswaardes voorstaan, wel as geldig beskou word

(beklemtoning deur my JRV), maar – soos die beswaardes met die woord "geldiger" toegee – nie as die enigste geldige beskouing nie'.

¹ Fika J van Rensburg 1993 In: Bybel in Praktyk, Vereeniging: CUM p. 1881,1882
Wim C Vergeer 1999 In: Bybellennium, Vereeniging: CUM p. 1634-1636
Wim C Vergeer 2002 In: In die Skriflig Jg 36, 4 p. 661-689

Hier word onder andere duidelik dat die beswaarskrif eintlik nie op prinsipiële redes afgewys is nie. Volgens die kommissie het prof J van Rensburg en dr Vergeer ook 'n geldige eksegeese, maar kan hulle nie bewys dat die eksegeese van die Sinode van 1988 se uitleg ongeldig is nie. Dit was die belangrikste rede op die Sinode om die beswaarskrif af te wys. Hierdie beswaarskrif het aan die Sinode voorgestel om uit te spreek dat vroue in alle ampte kan dien waar dit in vrede kan gebeur. Dit is nie op prinsipiële gronde afgewys nie. Daarom kon die Sinode na die afwysing van hierdie beswaarskrif dieselfde dag besluit om die vrou tot die diakenamp toe te laat en 'n duidelike opening daarvoor te laat dat later ook die ampte van ouderling en predikant vir die vrou oopgestel kan word.

'n Belangrike vraag is nou of die eksegeese van prof J van Rensburg en dr Vergeer regtig 'n geldige uitleg is. Ek wil dit nou toets. Die beste manier om dit te doen is om dan veral na dr Vergeer se artikel in In die Skriflig van Desember 2002 te kyk. Ons vind daar die mees uitgebreide verantwoording van hierdie eksegeese. Ek gaan die eksegeese veral toets aan wat dr Vergeer van die verse 13-15 sê. Eers wil ek 'n algemene beeld van dr Vergeer se uitleg gee.

Dr Vergeer se uitleg

Dr Vergeer meen dat 'n mens die tema van 1 Timoteus so kan omskryf: Hoe om 'n goeie Christen-leier te wees.² Dit sou dan in 2:1-3:16 om 'die Christen leier se gemeente'³ gaan. Ons lees dan volgens Vergeer in 2:1-7 wat die doel van 'n gemeente is: 'rustige, toegewyde en eerbare lewe sodat buitestaanders tot kennis van die reddende waarheid kan kom'.⁴ Dit sou dan in die verse 9-15 daarvoor gaan 'hoe vroue die doel kan dien'.⁵ Die voorskrifte wat ons hier vir vroue lees sou so tydgerig wees dat dit nie meer vir die vroue van ons tyd geld nie. Volgens dr Vergeer voldoen die voorskrifte vir die vrou in verse 11 en 12 nie aan die herstelde posisie van die vrou in Christus nie.⁶

Die voorskrifte wat ons in vers 11 en 12 lees is: 'Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou'.

Vroue in Efese moet volgens dr Vergeer in hulle tyd nog rekening hou met die 'destydse persepsie oor die vrou', en dit het volgens hom by die voorskrifte van vers 9-12 'n deurslaggewende rol gespeel.⁷ Die vroue wat toe in Efese geleef het kon, volgens dr Vergeer, nog nie vanuit die totaal herstelde posisie van die vrou in Christus leef nie want dit sou die rustige en stil lewe van die gemeente ondermyn.

'n Groot probleem by dr Vergeer se eksegeese is onder andere verse 13 en 14, waar ons as rede vir die voorskrifte in vers 11 en 12 lees: 'Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom'. Paulus grond die verbod vir die vrou om onderrig te gee en oor die man te heers op die skepping en wat by die sondeval gebeur het. Wat doen dr Vergeer daarmee?

Dr Vergeer en 1 Timoteus 2:13,14

Dr Vergeer meen dat Paulus in verse 13 en 14 'n Joodse redenasie oor die posisie van die vrou oorneem, omdat hierdie redenasie toe onder die Jode groot outoriteit gehad het.

Ek haal dr Vergeer nou breedvoerig aan, sodat daar niks van wat hy sê buite konteks gestel word en hy gevolglik onreg aangedoen word nie. Dr Vergeer skryf: 'Sowel die skeppingsmotief as die sondeval- en verlossingsmotief (dit gaan oor vers 15 JRV) wat in 1 Timoteus 2:13-15 genoem word, dui dus in die rigting van eietydse Joods-Hellenistiese gedagtes oor die posisie van die vrou in Efese 62-64 n.C. Hierdie uitsprake het nie ten doel om die herskape posisie van vroue in Christus te beskryf nie, maar beskryf eerder die milieu waarbinne Christenvroue die evangelie moet bring... Vroue dra by tot hierdie rustige en stil lewe as hulle hulle met goeie werke versier en goeie moeders is. Terselfdertyd moet hulle nie opvallend getooi wees of in die openbaar praat of mans leer nie. Hierdie voorskrifte is daarop gemik om vroue ter wille van die geloofwaardigheid van die evangelieverkondiging te laat beantwoord aan vereistes wat in die Joods-Hellenistiese samelewing van Efese hoog geag is. Dit is begryplik waarom Paulus (2:13-15) onder sulke omstandighede die Joods-Hellenistiese denkraamwerk oor die posisie van vroue in die samelewing as motivering deurgee'.⁸

Verder meen dr Vergeer dat hierdie strategie by Paulus nie vreemd is nie want volgens hom het Paulus dit ook gedoen toe hy Timoteus besny het. Dit sou volgens dr Vergeer deel van Paulus se missionêre strategie wees soos ons daarvan lees in 1 Korintiërs 9:20,22: 'Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om die Jode te win Vir almal het ek alles geword om in alle geval sommige te red'.⁹

1 Timoteus 2:13,14 as toetssteen

Ons moet na 1 Timoteus 2:13,14 kyk en dr Vergeer se eksegeese daarlangs lê. Hierdie eksegeese het dr Vergeer daartoe gebring om in die Bybellennium te skryf: 'Dit is glad nie Paulus se doel om hier wette neer te lê vir alle gelowige vroue in alle gemeentes deur al die eeue nie'.¹⁰

Het ons nog met geldige eksegeese te make? Ek meen om die volgende redes dat dit wat dr Vergeer ons wys nie meer werklik eksegeese is nie.

- Die eerste waaroor 'n mens vir dr Vergeer se uitleg moet oppas, is dat Paulus op geen enkele manier 'n aanduiding gee dat sy voorskrifte vir die vrou 'n aanpassing aan die omstandighede in Efese van destyds was nie. Hy wys op geen enkele manier daarop dat die vroue in Efese van die omstandighede nie vanuit, wat dr Vergeer die herstelde posisie in Christus noem,

² In die Skriflig p. 672

³ In die Skriflig p. 672

⁴ In die Skriflig p. 673

⁵ In die Skriflig p. 673

⁶ Bybellennium p. 1635

⁷ Bybellennium p. 1635

⁸ In die Skriflig p. 682,683

⁹ In die Skriflig p. 683

¹⁰ Bybellennium p. 1635

mag leef nie. Paulus dui op geen enkele manier in die teks aan dat hy vir Christenvroue hier beperkings oplê wat net tydelik is en waarvan hulle eintlik nog bevry moet word nie.

- Die beroep wat dr Vergeer op die besnydenis van Timoteus deur Paulus doen maak juis duidelik dat dr Vergeer se eksegeese van 1 Timoteus 2:9-15 nie geldig is nie. As ons daarop let dat Timoteus deur Paulus besny word en Titus juis nie besny word nie, vertel Lukas en Paulus hoekom die een wel en die ander nie besny is nie. Ons lees in Handeling 16:3 van Timoteus: 'Paulus wou hê dat hy saam met hom op reis sou gaan, en hy het hom geneem en besny ter wille van die Jode wat in daardie streke was; want hulle het almal geweet dat sy vader 'n Griek is'. Lukas wys in sy beskrywing dat Paulus vir die Christene duidelik gemaak het dat dit hier om 'n uitsondering gaan en dat hulle hieraan nie die gevolgtrekking mag verbind dat Christen-Jode nou hulle seuns moet laat besny nie. As hierdie misverstand dreig en die dreiging selfs bestaan dat Joodse Christene vir die broers en susters uit die heidene gaan sê dat hulle ook hulle seuns moet laat besny, tree Paulus met krag op. Ons lees daarvan in Galasiërs 2:3,4 - 'Maar selfs is Titus, wat by my was, nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy 'n Griek is; en dit vanweë die ingesmokkelde valse broeders wat ingesluip het om ons vryheid te bespied wat ons in Christus Jesus het, sodat hulle ons in diensbaarheid kon bring'. Die voorbeelde van Timoteus en Titus maak juis deursigtig dat dit wat met hulle wel of nie gebeur nie in die Skrif duidelik gemotiveer word. Dit gebeur by Timoteus met 'ter wille van' en by Titus met 'vanweë'. Ons sien hier weer die reël vir geldige eksegeese: Die Skrif lê homself uit. Dr Vergeer kom met hierdie reël in stryd omdat die Skrif self geen enkele aanduiding gee dat Paulus in 1 Timoteus 2:13-15 'n Joods-Hellenistiese redenasie gebruik om vroue te laat leef volgens die norme van die samelewing van toe en daar nie. Dit is iets wat dr. Vergeer heeltemal van buite af in die teks inlê. Daarom is dit nie meer uitleg- nie maar inlegkunde. By dr Vergeer word nie net na die konteks gekyk om 'n teks duideliker te laat uitkom nie. Dr Vergeer gaan haal buite die Bybel sekere dinge om die begroning van die norm in vers 11 en 12 vir vandag buite werking te stel.
- Ons bely onder andere in artikel 3-7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat die Bybel die Woord van God is. Ons leer onder andere in 1 Petrus 1:21 dat die Heilige Gees die Skrywer van die Bybel is. 'n Groot probleem met dr Vergeer se eksegeese is dat die Gees in Paulus se tyd volgens hom nou eintlik twee dinge gesê het. Volgens dr Vergeer is die Gees se doel en wil dat man en vrou volkome gelyk is. Hy grond dit veral op Galasiërs 3:28. Dieselfde Gees wat dit wil, sê in Efese vir die vroue dat hulle veral nie so volledig volgens God se doel en wil mag leef nie. Hoe kan die Gees wat God is hierdie teenstrydige dinge sê?
- Dr Vergeer sê dat Paulus in 1 Timoteus 2:13-15 Joodse en Griekse redenasies oor die vrou oorneem. Paulus laat volgens hom hierdie redenasies die redes vir die voorskrifte van vers 9-12 wees. Dit wat ons in vers 13-

15 lees sou nie werklik God se norme wees waarop voorgaande gegrond is nie. Dit was maar Joodse en Griekse redenasies wat toe in Efese belangrike norme was. Ek moet dit nou baie eerlik sê, want ek kan dit dan nie anders lees nie as dat Paulus volgens hierdie redenasie mense om die bos lei. Paulus skryf hier so dat hy daarvan oortuig is dat hy in verse 13-15 die begroning vanuit die Skrif gee vir wat hy eerder geskryf het. Hy grond dit op God se orde by die skepping en in wat by die sondeval lê. Volgens dr Vergeer se redenasie is wat Paulus skryf eintlik nie Paulus se oortuiging nie. Dit is volgens hom eintlik Joodse gedagtes wat nie met God se norm in ooreenstemming is nie. In gewone taal beteken dit dat Paulus nie skryf waarvan hy self oortuig is nie. Hy weet eintlik dat dit wat hy in verse 13-15 skryf nie volgens God se norm is nie. Hoe kan Paulus dit as instrument van die Heilige Gees doen? Dit stry tog met die heiligheid en Goddelikheid van God se Woord as Paulus dit so gedoen het? Hoe is dit dan moontlik dat die Gees hierdie gedeelte as deel van God se onfeilbare Woord in die Bybel 'n plek gegee het?

Gevolgtrekking

My gevolgtrekking kan nie anders wees nie as dat dr Vergeer se eksegeese nie geldig is nie en in stryd is met die gereformeerde hermeneutiek wat van die Skriftuurlike beginsel uitgaan dat die Skrif homself uitleë. As ek dr Vergeer se eksegeese lees is ek daarvan oortuig dat die oordeel van die sinodekommissie van die Christelike Gereformeerde Kerken van 1998 oor die minderheidsrapport oor die vrou in die amp ook op hom van toepassing is: 'Ten aanzien van de hantering van de hermeneutische principes meent de commissie dat het minderheidsrapport elementen bevat die op gespannen voet staan met de hermeneutische regel dat de Schrift zichzelf uitlegt, neigt naar actualistisch Schriftgebruik, onvoldoende recht doet aan de samehang tussen schepping en verlossing en onvoldoende onderkent dat de apostel Paulus in zijn onderwijs over actuele vragen met gezag terugvalt op een blijvend grondpatroon dat door God in de schepping is gelegd.¹¹

Dr Vergeer se eksegeese slaag nie die toets as dit volgens die Skrif self beoordeel word nie.

¹¹ Generale Synode van de Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland 1998. Vrou en ambt. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn p. 141

DIE AGTSTE GEBOD EN GENEESKUNDE

Prof JM Boon, Pretoria

As die Here die agtste gebod aan sy kinders gee, dan lê Hy 'n lewensbeginsel vir die hele wêreld neer. Want behalwe dat God in die agtste gebod alle vorms van diefstal verbied, gebied Hy dat ek die belange van my naaste waar ek kan en mag bevorder, en hom so behandel soos ek wil hê dat die mense my moet behandel. Daarby moet ek ook my werk getrou doen sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help (HK Sondag 42). Met hierdie gebod word die fondament vir alle mediese handeling gelê.

Alle mediese personeel is direk verbonde aan hierdie lewensreël: Doen aan ander soos ek wil hê die mense my moet behandel. Die betekenis van hierdie reël strek ver. Jesus Christus noem dit selfs die wet en die profete: 'Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete' (Matteus 7:12).

In die mediese praktyk beteken dit konkreet dat personeel in die gesondheidsberoep dit as hul roeping sien om pasiënte met oorgawe en na die beste van hul vermoë te behandel. Ook na-ure, ook as die pasiënt moontlik nalatig was. Diensbaarheid in die mediese professie is egter iets wat ons helaas dikwels nie altyd sien nie. Roepingsbewustheid is nie hoog op die agenda in moderne mediese praktyk nie. Nee, die persepsie dat 'n beroep in die mediese wetenskap jou materieel ver kan bring is dikwels die dryfveer van baie studente. Winsbejag loop baie keer voor kwaliteit pasiëntversorging in talle privaatpraktyke. Mediese fondse steel letterlik in die naam van goeie mediese behandeling by heelwat niksvermoedende pasiënte. Dokters kan soms ingrepe voorstel en uitvoer wat die pasiënt glad nie bevoordeel nie. Ingrepe wat nog nie aan goeie eerlike studies onderwerp is om die geslaagdheid daarvan te bepaal nie. Dit is niks anders as diefstal nie. Nie alleen word die pasiënt beroof van spaargeld nie, maar word sy belange nie bevorder nie.

Hoeveel mediese instellings het nie hul eerste liefde verloor nie? Hoeveel keer gebeur dit dat die teks op die hoeksteen van die hospitaal dikwels die laaste mooi woorde vertoon van 'n visie wat gesoek het om die liefde van Christus 'n werklikheid te maak nie? Bedbesetting en harde inkomste elke maand voer dikwels die botoon bo sorg en dienslewering. Ja, selfs die vertegniserings van medisyne en die dryf van akademiese prioriteit kan soms tot nadeel van die belange van die pasiënt wees. En inderdaad, goeie finansiële bestuur en tegniese hulpmiddele is nodig, maar altyd kom die bevordering van die pasiënte wat behandel word eerste. Dit mag nie lei tot depersonalisering van en gevolglike afwesige kommunikasie met die pasiënt nie.

Die feit dat baie duur mediese apparatuur (soos 'n MRI apparaat – Magnetic Resonance Imaging) in dieselfde stad dikwels onnodig gedupliseer word om sodoende wins te maksimaliseer, kan met reg bevraagteken word. Bevorder ons so die belange van ons naaste?

Hoe dikwels ly wanbesteding van fondse en prioriteite tot swak dienslewering in veral staats hospitale? Medisyne wat

eenvoudig verdwyn, tekorte wat nooit aangevul word nie, dienste wat nie in stand gehou word nie, personeel wat maar soveel as moontlik uit die sisteem wil melk sonder dat daar 'n diensvaardigheid te bespeur is? 'n Ekstra myl loop ten bate van die pasiënt, jou inspan om 'n goeie diens te lewer ook te midde van swak omstandighede, dit is skaars in ons samelewing.

God sê daarvan dat dit diefstal is. Die agtste gebod praat oor die werkersdag en die gewersdag. Dat ek my werk getrou sal doen, die belange van die pasiënt bevorder. Werk en myself gee – daarvoor handel die agtste gebod.

Goeie mediese dienste, effektief en akkuraat en met liefde vir die pasiënt, dit vra die Here. Getrou sy werk doen om so die behoeftige in hul nood te help. Professioneel vaardig en besorg oor die pasiënt. Geen vertegniserings van die gesondheidsorg sonder die uit die oog verloor van die siek mens nie. Daar lê nie maar 'n pneumonie geval in bed 7 saal 2 nie. God vra van ons om die hele mens te behandel.

Soms kan die bevordering van die pasiënt se belange beteken dat hy/sy aangespreek word oor 'n styl van lewe wat tot sy skade kan lei. Ook dit is ons verantwoordelikheid. Chroniese siektes van lewenstyl behoort tot die siektes met die hoogste mortaliteit in die weste. Verslawende gewoontes soos rook en alkoholmisbruik asook fisiese onaktiwiteit, wegneemetes en seksuele promiskuiteit lei vandag tot lewensbedreigende siektes. Duidelike waarskuwing hierteen behoort tot die belang van my naaste uitgespreek te word.

Ook vandag moet die mediese professie deeglik kennis neem van die agtste gebod. Nie alleen mediese personeel nie, maar ook beleidmakers het dikwels met die volgende konkrete vrae te doen wat direk met die agtste gebod verband hou:

- Hoe kan die finansiële posisie van pasiënte wat nie kan betaal nie geïndividualiseer word?
- Hoe bepaal ons prioriteite met die aankoop van nuwe toerusting?
- Hoeveel tyd en energie moet gespandeer word aan kuratiewe sorg en hoeveel vir die voorkoming van siektes?

'n Paar antwoorde mag wees: 'n Noodgeval mag nooit weggevoer word nie – ook nie op grond van finansiële redes nie. Voorkomende geneeskunde is belangrik om in bykans alle siektetoestande deeglik aan te spreek.

Ons hoor vandag al hoe meer dat pasiënte regte het waarop hulle kan staan. Die agtste gebod gaan egter nie uit van menseregte nie, maar stel die reg van God aan die orde. Daardie reg is 'n opdrag – bevorder die belange van die naaste. Ek is my broer se wagter. So het God ons aangestel as sy rentmeesters. Nie per individuele reg nie, maar per aanstelling. Die hospitaal is 'n mikrokosmos van hierdie aanstelling. Vir die belange van die pasiënt 'n opdrag: 'n skok vir defibrillasie met hartstilstand, radio-isotoop studies vir die skandering vir siektes in sekere organe, MRI ondersoeke om die graad van 'n hoofbesering

te bepaal en behandeling te beplan, ingrypende chirurgie om 'n kankergewas te verwyder of om 'n beenbreuk te herstel, onttrekking van ingrypende prosedures in 'n sterwende pasiënt, ensovoorts.

Ook in alle navorsingsaktiwiteite staan die agtste gebod bo-aan geskrywe: Bevorder die belange van die naaste. As dit alleen gaan om nuuskierigheid te bevredig of die opbou van 'n curriculum vitae, dan kan die naaste soms benadeel word. Dit verbied die agtste gebod. As eksperimente vir pasiënte 'n gevaar inhou, moet studies heroorweeg word. Dienslewering gaan voorop. Daarin speel navorsing 'n onmisbare rol, maar dan agter die agtste gebod aan.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

FUNDAMENTALISME

In die rubriek Godsdienst-aktueel (Beeld, 24 Februarie 2003) skryf prof Adrio König, wat tans vir 'n semester in die VSA klasgee, oor 'sagte' fundamentalisme wat hy daar raakgeloop het.

In die debat oor die betroubaarheid van die Evangelies word die woord "fundamentalisme" nogal dikwels gebruik, en dan vir dit wat na-die-tyd, onwetenskaplik, benede-die-maat is. Hierteenoor noem die "Nuwe Hervormers" hulleself dan ook graag "Bybel-wetenskaplikes." Ons ander is dan die Fundamentaliste. Ek werk tans hier in North Carolina in die VSA. Dis deel van die suide van Amerika waar die Baptiste baie sterk is. Hulle is teologies en polities baie konserwatief, maar selfs hulle huiwer om as fundamentaliste bekend te staan. Hulle noem hulself liever die "Conservatives". Sommige van die Baptiste sal wel praat van sagte fundamentalisme. Maar die werklike harde fundamentaliste kry jy eers in die Bible Belt wat van noord na suid deur die middel van die Verenigde State loop.

Maar kom ek vertel hoe sagte Fundamentalisme lyk, dan oordeel jy self hoe fundamentalisties die behoudendes in Suid-Afrika regtig is. Die seminarie waar ek klas gee, bied 'n graad aan in Women Studies. Geen mansstudent mag vir 'n kursus daarin inskryf nie, want daar is vrouedosente wat die kursusse aanbied, en hulle glo vrouens mag nie mans leer nie (1 Timoteus 2:12). In my doktorsale seminaar is een student 'n vrou. Toe ek nou die dag die werk uitdeel en verduidelik, huiwer sy by die gedagte dat elke student in die klas 'n hoofstuk uit 'n bepaalde boek sal moet opsom, beoordeel, en dit dan vergelyk met 'n paar ander boeke. Haar probleem? Hoe kan sy dit in die klas voordra? Dan sal sy mos die mansstudente leer? Sy het selfs oorweeg om liever die seminaar te los.

In 'n ander klas behandel ek die werk van die Jesus-Seminaar met die studente. Ons is besig met die verskille tussen die Evangelies. Ek het 'n lys gemaak van 'n aantal sulke verskille, en die studente moes self antwoorde soek. Is daar regtig verskille tussen die Evangelies, of kan die verskillende

weergawes van die evangelieverhaal in harmonie met mekaar gebring word? Hierdie studente en dosente is meesters op die gebied van harmonisering. Hul teologiese uitgangspunt is dat Die Bybel onfeilbaar is. Immers, dit is die Woord van God en God maak nie foute nie. Daar moet dus antwoorde op al die vrae wees. Op die vraag hoe dit werk dat Matteus van twee blindes praat maar Markus en Lukas net van een, kry ek die volgende reaksie van 'n student. Matteus, verklaar hy, is eerste geskryf (!). Markus is ná hom geskryf en hy was 'n jong man in die tyd van Jesus (Johannes-Markus van Handeling 12:25). Hy het een van die blindes geken, en daarom is hy gretig om van hom te vertel. Hy is dan ook die enigste een wat die blinde se naam noem (Bartimeus). Hy wil dus net van hierdie een besondere een vertel, maar natuurlik het hy geweet daar was twee.

Weet die "Nuwe Hervormers" hoe lyk harde, naakte Fundamentalisme as dit sagte Fundamentalisme is? Kom ons gooi liever nie woorde rond soos ons gewoon was in die apartheidsjare nie. Toe is party van ons uitgemaak as liberaliste en selfs as kommuniste. Intussen wonder ek nog steeds hoe Sakkie Spangenberg uit Markus se benaming "Jesus van Nasaret" aflei dat Jesus, volgens Markus, in Nasaret gebore is, en dus nie in Betlehem nie. Sê Markus dan nie self dat Hy daar grootgeword het nie (Markus 6:1; Lukas 4:16)?

En is dit nie 'n goeie voorbeeld van wat werklik die verskil tussen teoloë is nie? Aan die een kant is daar teoloë wat die Evangelies in so 'n negatiewe lig as moontlik wil stel, en aan die ander kant is daar teoloë wat eerbied het vir hierdie boeke, en daarom anders werk met die baie vrae en probleme in die Bybel?

Hierdie bydrae van prof König laat 'n mens dink. Fundamentalisme is 'n term wat sommer maklik gebruik en aan mense toegedig word. Dit gebeur selfs dat mense dit as 'n kompliment beskou om as fundamentalis bekend te staan. Eerder 'n Bybelgetroue fundamentalis as 'n Bybel-ontroue libelaris – so word daar gedink en gesê.

Dit is inderwaarheid baie verkeerd om so te dink en te praat. Om tussen twee uitwasse die minder slegte een te kies, getuig nog nie van gehoorsaamheid aan God en sy Woord nie. En om mense as fundamentaliste af te maak

wanneer hulle die Skrif gehoorsaam eerbiedig wat betref die gebruik van die nagmaalbeker en die plek van die vrou in die kerk, is eenvoudig oneerlik.

WAT IS GEREFORMEERD?

Wat betref kinderlike gehoorsaamheid aan God en sy Woord, het ds C Saayman in Vox Viva van 1 Desember 2002 (Jaargang, 1 Nommer 1) enkele insiggewende opmerkings gemaak. Vox Viva is 'n blad wat elektronies versprei word, en wat dien as 'Rigtingwyser vir die gereformeerde geloofslewe'.

Ds Saayman skryf: Daar is seker min onderwerpe waaroor daar soveel verwarring bestaan as die vraag: "wat beteken dit om gereformeerd te wees?" Vir baie gelowiges beteken dit iets negatief. Sommige koppel die woord "gereformeerd" aan die vorige politieke bestel wat in Suid-Afrika aan die orde was. Ander koppel gereformeerd-wees aan konserwatisme of tradisionalisme. 'n Gereformeerde, volgens sommige, volg die ou tradisies en gewoontes waarmee ons grootgeword het! Nog ander koppel gereformeerd-wees aan 'n bepaalde vorm van erediensinkleding. Dinge soos styfheid en doodsheid kom dan in die gedagtes op. Alles wat vernuwing teenstaan - dit is gereformeerd, so dink sommige mense.

Die vraag is dus of dit enigsins nog die moeite werd is om gereformeerd te wees. Is dit nie iets wat hoort by 'n uitgediende sisteem nie? Hoort dit nie tot 'n bedeling wat verby is nie? 'n Soort vervagingsproses is aan die gang, waar die "eiegoed" van die gereformeerde belydenis al hoe meer onduidelik word en waar gereformeerd-wees al hoe meer opgaan in 'n soort algemeen ekumeniesgesinde christendom. Sommige mense reken dat die gereformeerde belydenis net onnodige skeiding bring tussen gelowiges, iets wat nie meer bekostig kan word nie. Volgens hierdie mense het die "eiegoed" van die gereformeerde belydenis niks te make met die wesenlike van die evangelie nie. Dit gaan meer oor bysake en dit kan liefs gelaat word. Wie egter ontdek het wat gereformeerd-wees in der waarheid beteken, kan nie met al hierdie idees saamstem nie.

Om gereformeerd te wees beteken om Bybels te wees. Die woord "gereformeerd" herinner aan die Groot Reformasie van die 16e eeu toe daar teruggekeer is na die Woord en na die Bybelse leer en na die Skriftuurlike manier van kerkregering. Dit is wat reformasie is: 'n omkering tot daadwerklike gehoorsaamheid aan Christus in alle opsigte. Om eietyd gereformeerd te wees beteken dus om Bybels te wees, maar sedert die Groot Reformasie moet kwalifiserend bygevoeg word: Bybels, soos die Woord in die gereformeerde belydenis bely word.

Betekendit nie dat daar nou allerlei menslike uitdinksels tot die Woord toegevoeg word nie? Dit alles klink soos 'n weerspreking. Aan die een kant wil 'n gereformeerde slegs by die Skrif alleen leef. Aan die ander kant kom die

belydenis ook nog by. Word hier nie iets ekstra tot die Skrif, of selfs in die plek van die Skrif, toegevoeg nie?

Nee, die belydenis funksioneer soos die strooijonker van die bruidegom. Die strooijonker soek nie sy eie eer nie, maar poog om die lig op die bruidegom te plaas. So werk die belydenis. Dit wil die eer van die Skrif soek en die fokus op die Skrif plaas. Die belydenis wil die kerk by die Skrif hou. Die belydenis herhaal die inhoud van die Skrif opsommenderwys. Tewens, die belydenis self verwerp enige gedagte dat 'n menslike geskrif gelyke waarde met die Bybel sou hê (sien Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 5 en 7).

Vir die reformatore was die terugkeer na die Skrif terselfdertyd ook 'n terugkeer na die vroegste Christelike kerk en die oudste en mees outentieke ekumeniese belydenisse soos die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius. Die reformatore wou immers geen nuwe kerk stig of met 'n nuwe teologie voor 'n dag kom nie. Hulle het gebreek met die valse kerk en teruggekeer na die ware apostoliese belydenis. Die vraag was dus: waar, in die warboel van verskille wat destyds oor die Skrif bestaan het, sou die leer van die apostels gevind kon word? Daar was net een antwoord: in die kerklike belydenisse, waarin die ware kerk deur die eeue heen die apostoliese leer gehandhaaf het! Dit is al wat ons Drie Formuliere van Enigheid wil wees. Dit wil ons verbind aan die leer van die apostels! Dit wil ons bind aan die Skrif, in teenstelling met die warboel van teologiese standpunte (wat hul almal op die Skrif beroep!) wat vandag die rondte doen. Wat 'n vreugde om, te midde van soveel verwarring, steeds die sekerheid te mag hê van wat die Waarheid presies is!

Om gereformeerd te wees, beteken derhalwe dat ons onself gaan verbind aan die geloof wat eens en vir altyd aan die heiliges oorgelewer en toevertrou is (vergelyk Judas 1:3).

Om gereformeerd te wees het dus niks te make met konserwatisme of progressiwisme nie. Konserwatisme weier om vorentoe te beweeg en dring aan dat alles moet bly soos dit is. Uit reaksie hierop wil progressiwisme die kerk weglei van haar belydenis en die kerk verander tot 'n produk van die moderne tyd. Iets nuuts moet dus op 'n nuwe fondament opgerig word.

Om gereformeerd te wees beteken daarenteen om steeds te reformeer. Dink aan die bekende spreuk: "Ekklesia reformata semper reformanda ad fontes." Dit is: "Die gereformeerde kerk sal aanhoudend reformeer terug na die bronne". Om gereformeerd te wees beteken dus om steeds weer in gehoorsaamheid terug te keer na die Skrif. 'n Gereformeerde vind dus nie sy inspirasie in die gees van die

tyd nie, maar in die Woord van die Gees. 'n Gereformeerde kerk beweeg vooruit, maar bou altyd op die een fondament van die een algemene katolieke kerk met sy apostoliese belydenis. In gemeenskap met die een ware kerk van alle eeue, beweeg die gereformeerde kerk vooruit, al bouende

op die skouers van daardie een algemene kerk. Dit gaan nie maar net om dit wat nuut is in 'n nuwe tyd nie, maar dit gaan oor Christus en Sy Woord. Die kerk beweeg dus vorentoe deur terug te beweeg na die Skrif.

Is dit fundamentalsime? Alles behalwe! Dit is gereformeerde.

'N OPE BRIEF AAN GOD

Op Dinsdag 14 Januarie, terwyl die Nasionale Sinode volspoed aan die gang was, is 'n ope brief in Beeld gepubliseer. 'n Ope brief aan God, waarin die (anonieme) skrywer die Christelike kerk voor God aankla.

Ons weet nie veel van U af nie. Meer as 2 000 jaar is ons deur U so genaamde kerk op aarde wysgemaak dat ons reeds al die antwoorde ken. Dit was nie meer nodig om verder na U of u koninkryk te soek nie. Soos wat nuwe feite oor u skepping en die geskiedenis bekend word, begin dit egter deurskemer dat ons mislei is. Die een wat deurgaans teen valse leerstellings gewaarsku het, blyk nou die valse profeet te wees. Die een wat Christus as u Seun verkondig, blyk nou die antichris te wees. Dit is waarom ons nou nie eens u Naam ken of iets van U weet nie. Dit is waarom ons nie weet wat u doel met ons was en wat U van ons verwag nie. Ons weet niks meer van U as wat ons kan affei uit die wonders van u skepping nie. Uit die kwantumfisika wil dit lyk of U alles beheer aan die hand van 'n omvattende meesterplan. As dit so is, het U waarskynlik die ontstaan van die Christelike kerk beplan. Uit die posisie waarin ons is, moet ons egter ook aanvaar dat dié plan aangepas kan word. U kan hierdie kerk tot niet maak en u Waarheid uit sy as laat oprys.

'Sondig, vuil, onvolmaak'

God, in diepe nederigheid voor u almag, kla ek vandag hierdie Christelike kerk voor U aan. As dit U behaag, roep die kerk op tot verantwoording op die volgende aanklagte:

- In die stigtingsjare van die kerk is geskrifte van feilbare mense planmatig geselekteer en waarskynlik in baie opsigte vervals. Dié dokumente is saamgevoeg in Die Bybel en is voorgehou as synde geïnspireer deur u Gees en dat dit die enigste omvattende bron van kennis ten opsigte van U bevat. Hierin word U aanvanklik uitgebeeld as die God van Israel wat met sy volk speel en mors na willekeur om u siek ego te streel. In die tweede deel van die boek verander U wonderbaarlik in 'n God van liefde en genade wat saligheid en die ewige lewe aan almal beloof wat bereid is om te glo wat deur die kerk verkondig word. Die kerk van vandag het die geleentheid, kennis en vermoë om die waarheid bloot te lê, maar gevestigde belange weerhou hom daarvan.
- Die kerk het meer as 400 jaar gelede belydenisskrifte saamgestel wat die algemene leer van die kerk verteenwoordig. Dit is gedoen deur mense wat nog onder die skok gesidder het van bewerings dat die aarde rond is en nie die middelpunt van u skepping vorm nie. Die grondslag van dié leer is dat ons, u skepsels, só sondig,

vuil en onvolmaak is dat ons vir ewig verdoem is tensy ons deur die aanvaarding van hierdie kerklike leer bevry word. Die gevolg hiervan is dat die mensdom die afgelope 20 eeue verdoem is tot die grootste minderwaardigheid. Inderdaad hou die kerk aan ons voor dat niemand by U kan uitkom nie behalwe deur die kerk.

Voor blink, maar agter?

- In u Naam het hierdie kerk die ergste denkbare misdade teen die mensdom gepleeg. Kruistogte is onderneem waartydens geplunder en massamoord gepleeg is. Deur die Inkwisisie is menigtes verslaaf, vervolgd en op die wreedste moontlike wyse vermoor. Tot minder as 'n dekade gelede het Suid-Afrikaanse kerke saamgespan om 'n volk te mislei om te glo dat apartheid in ooreenstemming met u wil is. In die grootste skynheiligheid en met die nodige vrome maneuvreerderij is dieselfde kerk nou die grootste voorstander van menseregte en demokrasie.
- Die kerk en sy ampsdraers is huigelagtig. Sedigheid word van die kansel af voorgehou, maar agteraf word al die sedes wat voorgehou word op die gruwelikste wyse oortree. Dit is nie net in die Katolieke Kerk waar kinders en nonne nie veilig kan voel nie. Ook wat betref die Afrikaanse kerke skemer die valsheid van ampsdraers deur.
- Die kerk is korrup. Gewapen met die alleenreg op saligheid en die ewige lewe word onskuldige mense gemanipuleer en onderwerp. Sonder die kerk kan jy nie gedoop word nie. Sonder die kerk kan jy nie aangeneem word nie. Sonder die kerk kan jy nie nagmaal gebruik nie. Sonder die kerk kan jy nie trou, kinders doop of begrawe word nie. Om die kerk te verlaat is om weg te stap van U af!

As dit U wil is ...

- Die kerk is wreed en sonder empatie teenoor die gemeenskap waarin dit geplaas is. In die wrede wêreld waarin ons leef, word ons verneder deur sinodes wat ons pyn nie ken nie, maar lighartig korswel oor die gebruik van kelkies of bekere vir die nagmaal, of vroue menswaardig genoeg is om ampte te beklee en of homoseksuele enige aanspraak op u koninkryk het. Geld word ook van armes geneem in die naam vir liefdadigheid en dankoffers vir U. Tog weet ons dat niks hiervan U bereik nie en dat bitter min daarvan by behoeftiges uitkom. Pleks daarvan word dit deel van die kontant-vloeiestate van gemeentes en vergoedingspakkette vir

ampsdraers. God, as dit u wil is, of as dit moontlik is om u wil te wysig om hierby aan te pas, roep die kerk tot vergelding en verdelg elke ampsdraer wat in oneerlikheid voortgaan om u naam te misbruik. Openbaar u Koninkryk aan ons en keer dat nog 'n menslike geslag in hopeloosheid verlore gaan. Amen.

Die stof wat met hierdie brief opgeskop is, was baie. 'n Stortvloed van reaksies het gevolg. Tereg. So 'n geskrif kan nie onbeantwoord bly nie. Wat jammer is, is dat die reaksies op die Ope brief in vele gevalle net so emosioneel was soos wat die brief self is. Daarmee word die saak nie gedien nie. Onwaarhede, verkeerde persepsies en wanvoorstellings moet met feite weerlê word. Indien 'n bepaalde klag waar is, moet dit eerlik erken word. In daardie geval moet skuld opreg bely en sake met die daad reg gestel word.

Wat betref die anonieme skrywer se aanklagte teen die Christelike kerk, die volgende:

- Iemand wat sulke ernstige klagte teen die kerk van Jesus Christus het, behoort die moed van sy/haar oortuiging te hê om openlik vir sy/haar saak op te staan. Om agter anonimiteit te skuil en tegelykertyd 'n brief soos hierdie te skrywe getuig van oneerbare optrede.
- 'Die kerk' waarna die brieffskrywer verwys is besonder vaag omlin. Dit wil voorkom asof elke gemeenskap wat homself die naam kerk toe-eien oor dieselfde kam geskeer word. Dwarsklappe word uitgedeel na die kerk van die Middeleeue, Rooms Katolieke Kerk, die NG Kerk, die Gereformeerde Kerke – sonder om nader te kwalifiseer. Dit oortuig nie.
- Eensydige klem op alles wat volgens die brieffskrywer verkeerd deur die kerke gedoen is en word, sonder om vir 'n oomblik te kyk na wat die Here in en deur sy kerk op aarde gedoen het en doen, lei tot 'n skeefgetrokke beeld.
- Die anonieme brieffskrywer se opmerking oor die inspirasie, die kanon, die gesag en die genoegsaamheid van die Skrif – soos verwoord in sy eerste 'aanklag', getuig van ongelooft in Gods Woord en miskennings (onkunde?) van kerkhistoriese gebeure. Dit is immers nie die kerk wat besluit het oor die samestelling van Gods Woord nie. God het sy Woord Self ingegee en op skrif laat stel (2 Petrus 1:21). Wat die gesag van die Skrif betref, aanvaar ons die Bybel as heilig en kanoniek omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat die Skrifte van God is, en omdat die bewys van gesag in die boek self lê.
- Die aanklag insake die belydenis is eweneens 'n dowwe skoot in die lug, en bowendien erg onakkuraat. Wie die belydenis van die kerk in die spervuur wil plaas, moet op grond van Gods Woord aantoon waar en hoe daar in die belydenis van die waarheid afgedwaal word. Dit doen die brieffskrywer nie. Inteendeel, hy/sy skep 'n drogbeeld van die mens se verdoemenis, God se uitverkiesende genade en die verlossing in Jesus Christus. Die drogbeeld word as 'leer van die kerk' voorgedou,

wat mense kwansuis tot die grootste minderwaardigheid verdoem. Wie die belydenisskrifte in geheel lees, sal raaksien dat die drogbeeld wat geskep is, van alle waarheid ontnem is. Sondag 32 tot 52 van die Kategismus en die vyfde hoofstuk van die Dordtse Leerreëls laat ons heeltemal iets anders sien as 'n mens wat tot minderwaardigheid gedoem is.

- Dis misdade waarvan 'die kerk' aangekla word, kan inderdaad nie goed gepraat word nie. Die kerk van Jesus Christus moet erken en bely dat daar al baie onreg gedoen en gepleeg is. In dieselfde asem moet gewaak word teen veralgemenings en oneerlike vergelykings. Om kruistogte, die inkwisisie, apartheid en menseregte in een asem te noem, is nie eerlik nie. Elke 'klag' moet op sy eie ondersoek en beredeneer word. Wat meer is: indien daar eerlike skuldbelydenis gedoen word, moet daar ook 'n hartlike vreugde wees omdat ons glo aan die vergewing van sondes om Christus wil. Waar is die mond wat durf verdoem as God sy kind regverdig noem?
- Om 'die kerk en sy ampsdraers' van huigelagtigheid te verdink, en dit sonder enige bewyse voor te lê, is sonde teen die negende gebod.
- Dit is onwaar om te beweer dat die kerk die alleenreg op die saligheid en die ewige lewe het. Of die anonieme brieffskrywer 'n Roomse agtergrond het, word nie duidelik nie. Maar so 'n aanklag kan nie teen 'n Gereformeerde kerk gemaak word nie. In Artikel 28 van die NGB bely ons inderdaad dat daar buite die ware kerk geen saligheid is nie. Dit beteken nie dat die kerk die alleenreg op saligheid het nie. Dit beteken wel dat die kerk die liggaam van Christus is, die werkwinkel van die Heilige Gees, waar God al sy skatte en gawes mildelik uitdeel. Daarbuite word dit nie uitgedeel nie.
- 'n Totaal skeefgetrokke beeld word van die kerk gemaak as die brieffskrywer verwys na 'die kerk wat sonder empatie is teenoor die gemeenskap waarin dit geplaas is'. Sovele aksies gaan van kerke uit om juis in die gemeenskap betrokke te wees. Om dan bowendien te stel dat 'ons verneder word deur sinodes wat ons pyn nie ken nie, maar lighartig korswel oor die gebruik van kelkies of bekens vir die nagmaal, of vrouens menswaardig genoeg is om ampte te beklee en of homoseksuele enige aanspraak op God se koninkryk het' is ondeurdag en van alle waarheid ontbloot. Die gesprekke oor bekens, die plek van die vrou in die kerk en die sonde van homoseksualisme het almal te doen met gehoorsaamheid aan God en sy Woord. Wie durf beweer dat dit 'n gekorswel is?

Saamgevat: die 'Ope brief aan God' is nie so aangrypend soos die koerant dit wil voorstel nie. Dit getuig veel meer van totale onkunde, bitsige venyn en ongegronde kritiek. Liefde vir God en die naaste ontbreek ten ene male.

SINODES KAN NIE KRITERIA IGNOREER

In hierdie uitgawe van Waarheid en Dwaling is daar baie aandag gegee aan die pas afgelope Nasionale Sinode. Prof Amie van Wyk het in 'n Godsdiens-Aktueel artikel (Beeld, 27 Januarie 2003) homself soos volg oor die sinode uitgelat:

Die besluite van die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) vandeemaand het nogal heelwat bespreking - en ook kritiek - uitgelok.

Dit was ook te wagte, ten minste wanneer sake soos die psalmomdigting, kelkies by die nagmaal, die vrou in die amp, evolusie, homoseksualiteit en 'n eregraad aan aartsbiskop Desmond Tutu op die agenda was. Daar is veral skerp gefokus op die kwessie van die vrou in die amp, 'n saak wat in Suid-Afrika reeds deur die Hervormde Kerk en die NG Kerk aanvaar is.

Briefskrywers, veral dié wat die GKSA verlaat het, het die kerkgemeenskap as bekrompe, stoer, uit die tyd en fundamentalisties beskryf, iets soos 'n dinosourus wat eintlik in 'n museum tuishoort. As ek met diesulkes in gesprek mag tree, en 'n bietjie mag roem, soos wat Paulus in 1 Kor. 11 doen, sou ek hulle graag wou herinner aan die bydrae wat die GKSA, en die Gereformeerde tradisie, gelewer het om 'n ander vorm van diskriminasie, teen swart mense, te oorwin. Ek sou hulle daaraan kon herinner dat die GKSA die eerste van die historiese Afrikaanse kerke was wat in 1964 tydens die hoogbloeit van apartheid besluit het dat een algemene sinode uit die een wit, een bruin en twee swart nasionale sinodes saamgestel behoort te word; dat die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys die eerste Afrikaanse universiteit was wat in 1973 swart studente toegelaat het; dat die GKSA die eerste Afrikaanse kerk was wat in 1994 besluit het om sy teologiese opleiding van wit en swart studente te verenig; en dat, les bes, dit seker nie toevallig was nie dat die GKSA 'n staatspresident opgelewer het wat in 1990 'n einde aan rassediskriminasie in die land gemaak het.

Terug na die afgelope sinode. Hoe, en op grond waarvan, word sinodale besluite in 'n Gereformeerde konteks geneem? Goeie besluite moet aan 'n paar kriteria voldoen.

- Is die besluit Skriftuurlik verantwoord? Niemand kan van 'n Gereformeerde sinode verwag om in sy besluitneming Die Bybel te ignoreer, te omseil of selfs te weerspreek nie. As daar dus in Die Bybel 'n swyggebod ten opsigte van vroue voorkom (1 Kor. 14:34), dan behoort só 'n uitspraak met erns in sy engere en wyere konteks gelees en verstaan te word.
- Is die besluit onder leiding van die Gees geneem? Dit is nie voldoende om sommer so op die klank af 'n paar Bybeltekste onder 'n besluit neer te skryf en dit dan as "Skriftuurlik" te bestempel nie. Die Gees van God, wat gegee is om die kerk in die hele waarheid te lei (Joh. 16:13), moet 'n mens se oë open om die Skrif reg te verstaan en reg aan te wend (1 Kor. 2:14).
- Hou die besluit rekening met die betekenis en reikwydte van Jesus Christus se werk? Dit is waar dat Die Bybel die

Woord van God is, maar dit is ook waar dat Jesus Christus God se laaste en hoogste Woord aan die mensdom is (Heb. 1:1-2) sodat geen teks in Die Bybel sinvol buite Christus om vertolk kan word nie.

- Om 'n voorbeeld te gebruik: slawerny. Daar staan in Die Bybel: "Slawe, wees gehoorsaam aan julle eenaars" (Ef. 6:5), 'n teks wat die kerk eeue lank gebruik het om slawerny te verdedig. As 'n mens egter die persoon en werk van Christus hier inbring, indien baas en slaaf mekaar "in die Here" ontmoet (Filem. 16), dan moet slawerny op die duur ondermyn en uiteindelik tot die afskaffing daarvan lei.
- Hou die besluit genoegsaam rekening met besluite van (Gereformeerde) kerke oor die wêreld heen. Paulus wys daarop dat ons (slegs) "saam met al die gelowiges" begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek (Ef. 3:18).
- Nasionale sinodes behoort al hoe meer, veral in belangrike sake, die advies en medewerking van buitelandse kerke, veral die kerke met wie noue geloofsbande bestaan, te vra - soos inderdaad gebeur het tydens die bekende Sinode van Dordrecht in 1618/'19. In die Suid-Afrikaanse konteks is sinodale samewerking tussen wit en swart kerke van die grootste belang.
- Dien die besluit die voortgang van die koninkryk van God? As ons aanvaar dat die kerk daar is ter wille van God en sy koninkryk, dat die koninkryk groter en belangriker is as die kerk, dat die kerk dus in diens staan van die voortgang van die koninkryk, dan is elke besluit wat die gang van die ryk belemmer of skade berokken 'n onaanvaarbare besluit.

In breë trekke stem die artikel ooreen met dit wat ons as onderlinge afspraak in Artikel 31 KO behoort na te kom. Dit is ook belangrik om te onderstreep dat die GKSA nie besluite neem sonder om eers ander Gereformeerde Kerke wêreldwyd oor die saak aan te hoor nie. Die opmerking oor die koninkryk van God verdien besondere aandag. Die kerk bestaan nie ter wille van haarself nie. Die kerk moet na buite toe gerig wees - na God en God se koninkryk. In hierdie opsig is daar nog heelwat om oor te besin. Binne die raamwerk van Artikel 30 KO - 'alleen kerklike sake op 'n kerklike wyse' - moet daar voortdurend gekyk word na die taak van Christus se kerk in die wye samelewing. Indien dit nie gebeur nie, kan die kerk met reg aangekla word van 'n kloosterbestaan in die wêreld.

Weens onvoorsiene omstandighede kon hierdie uitgawe van Waarheid en Dwaling nie betyds versend word nie. Die volgende uitgawe verskyn DV gedurende Mei.